

PUKKE!

vir al u kleurbaadjies

Johan Claassen

Broers

(EDMS.) BPK.

Tel. 3612

POTCHEFSTROOM

Tak: Tomstraat 90c

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVI

VRYDAG, 23 APRIL 1971

Nr. 5



Kerkstraat 48

Potchefstroom

Telefoon 5319

VIR PUKKE
DIE FIETSWINKEL

VEELRASSIGE STUDENTERAADSKONFERENSIE KRY TERUGSLAG



Die Burgemeester van Potchefstroom, prof. J. H. Grobler, neem Die Pukkie amptelik van die Redakteur, mnr. Leo van Schaik in ontvangs.

Foto: Fotokuns.

ONBEDAGSAME OPTREDE VAN STUDENTERAAD

„Ons betreur die feit dat u samesprekings aangevra het op die manier wat u wel gedoen het.” skryf die studenteraad aan Stellenbosch in verband met 'n onlangse poging van die studenteraad uit die Suide om Potchefstroom op 26 en 27 Maart te besoek.

„Aanvanklik was ons nie by u toerprogram ingesluit nie, maar vanaf Pietermaritzburg besluit u toe tog dat ons by u reëlins moet inpas” lui die brief verder.

Daar word ook melding gemaak van die feit dat die plaaslike studenteraad „ander verpligtinge” gehad het wat die besoek buitendien onmoontlik sou maak.

Kort Kennisgewings.

Volgens die voorsitter van die P.U.K.-studenteraad, mnr. Leon Wessels, het die Maties gedurende Donderdag 25 Maart vanuit Pietermaritzburg telefonies probeer reël vir 'n besoek aan Potchefstroom. Op daardie stadium was die studenteraad, met uitsondering van een of twee studenteraadslede, op besoek in Pretoria en Johannesburg

en was dit buite die kwessie om Stellenbosch te ontvang.

Die Matie-studenteraad kon ook geen aanduiding gee van waaroor die samesprekings sou gaan nie.

Beplanning:

„Inaggenome die feit dat samesprekings van hierdie aard (tussen studenterrade) deur 'n grondige beplannings- en voorbereidingsfase voorafgegaan moet word ten einde sinvolle bespreking te voer, het ons die sukses en noodsaaklikheid van sodanige samesprekings in hierdie geval sterk bevraagteken.” sê mnr. Wessels in sy skrywe aan Stellenbosch.

Aldus mnr. Wessels het mnr. Michiel Le Roux, lid van die U.K. van die studenteraad van Stellenbosch, reeds gedurende die Desember-Januarie-vakansie die P.U.K. besoek en kon geen vrugbare bespreking gevoer word nie, „aangesien mnr. Le Roux slegs die groete van sy studenteraad kom oordra het.”

Deel nie optimisme.

Die sukses van die uitwaartse beweging van Stellenbosch word nie deur mnr. Wessels gedeel nie. „Dit is nie duidelik op welke gronde Stellenbosch die toer kan sien in die lig van „weereens die leiding geneem” het nie. Tukies het die afgelope twee jaar

Vervolg op bladsy 2.

Die Studenteraad het op 'n onlangse spesiale vergadering, besluit om nie die voorgename veelrassige Studenteraadskonferensie wat deur die Universiteit van die Witwatersrand vir Juliemaand gereël word, by te woon nie.

Hierdie aankondiging volg kort na die verklaring van die Universiteit van Pretoria waarvolgens ook hulle nie van plan is om die konferensie by te woon nie.

Volgens die Studenteraadsvoorsitter van Wits, mnr. Taffy Adler, sal die veelrassige konferensie op 'n ad hoc-basis plaasvind en sal geen besluite oor politieke aangeleenthede geneem word nie, „tensy die vergadering anders besluit”.

Die tentatiewe agenda bevat sake soos 'n nasionale studentehandboekunie, 'n studenteparlament en ander „sake van algemene studentebelang.” Ook sal die voorsitterstoel onder die aanwesige afgevaardigdes roter.

Betreur optrede:

In 'n onderhoud met 'n Engelse dagblad het mnr. Adler gesê dat die konferensie die uitvloeisel van die soepeler (flexible) studenteaangeleenthede op nasionale vlak is. Hy betreur ook die feit dat U.P. besluit het om nie die samesprekings by te woon nie. „Dit strek nie tot die eer van Pretoria dat hulle nie bereid is om die toenemende sake van belang vir die studente op 'n sodanige konferensie te wil bespreek nie”.

Die laaste bekende veelrassige Studenteraadskonferensie het in 1934 binne die destydse bestaande NUSAS plaasgevind. Die Afrikaanse Universiteite het daartydens uitgestap en alle formele kontak met NUSAS verbreek. Omdat die Swart studente steeds onder die vlerk van NUSAS bly leef het, is strukturele skakeling noodwendig ook met hulle verbreek. Sederdien het geen Afrikaanse Studente-organisasie nie-blanke lede gehad nie.

Engelse se Houding:

Die Afrikaanse Studentebond het daarna sy beleid op ad hoc-skakeling op formele vlak met anderstaliges en andersvolkiges gefundeer. Weens praktiese oorwegings is ook besluit om nie veelrassige konferensies waar sowel Engelssprekendes as nie-blankes teenwoordig sal wees, by te woon nie.

As motivering is die onmoontlikheid van sinvolle samesprekings as gevolg van die houding wat die Engelstaliges teenoor die Afrikaanssprekendes met betrekking tot die teenwoordigheid en posisie van die nie-blankes ingeneem het, aangegee. Die gewoontlike gevolg van sulke konferensies was 'n getwis tus-

sen die Blankes oor die Nie-Blankes, terwyl die beoogde doel van die konferensies nooit werklikheid geword het nie.

Mnr. Adler het laat blyk dat die konferensie in 'n gees van welwillendheid en verdraagsaamheid sal plaasvind.

Dialoog.

Die Studenteraad gee sy motivering vir sy besluit om nie die konferensie by te woon nie. Dit word egter duidelik gestel dat die verhouding tussen die PUK en WITS die erns van eersgehoemde is en dat hierdie besluit nie so interpreteer moet word as sou dit die dialoog tussen die PUKKE en die Engel-

stalige of andersvolkige groepe wil ophief nie.

Politiek.

Die versekering word ook deur die Studenteraad gegee dat hulle bereid is om selfs uitsluitlik oor politieke aangeleenthede te debatteer, angesien hierdie aspek nie op die samesprekings tussen WITS en PUK tydens die onlangse samekoms tot sy reg gekom het nie.

Stellenbosch en Nusas.

Stellenbosch het reeds in Matie laat blyk dat hulle die konferensie sal bywoon en beweer verder dat die eintlike gedagte aan 'n

Vervolg op bladsy 2.

Veelrassige Konferensie: S.R. se Standpunt

Die voorsitter van die Studenteraad het die volgende verklaring ten opsigte van die veelrassige konferensie wat beplan word, uitgereik. Aangesien dit 'n netelige aangeleentheid in die huidige studentepolitiek is, word dit woordeliks geplaas:

Die Potchefstroomse Studenteraad het besluit om nie die veelrassige Studenteraadskonferensie wat deur die Universiteit van die Witwatersrand vir Juliemaand beplan word, by te woon nie.

Die aard en opset daarvan rym nie met die patroon van skakeling van hierdie Studenteraad met Engelstalige en andersvolkige universiteite nie. Skakeling moet nie net terwille van skakeling plaasvind nie; die doel moet die byeenkoms regverdig. In hierdie besondere geval skyn dit asof die doel primêr die bymekaarbring van alle Studenterrade is.

Meeste van die sake wat ter tafel geneem sal word regverdig nie 'n konferensie van hierdie geweldige omvang en opset nie. Die sake het of niks met studente te doen nie, of regverdig nie die afwaardigings van volle Studenterrade nie.

In die res van die agenda stel hierdie Studenteraad nie belang nie, aangesien hy hom nie met die oogmerke daarvan kan vereenselwig nie. Sake wat uit daardie agendapunte sal voortspruit interesseer hierdie Studenteraad nie, en indien beoog word dat niks daaruit sal voortspruit nie, bly dit steeds sinneloos.

Elke studenteraad het die geleentheid om verdere agendapunte te suggereer. Sake wat ons graag ter tafel wil hê kan nie op hierdie konferensie sinvol bespreek word nie. Skakeling op 'n individuele basis tussen Afrikaans-, Engelssprekende en Bantoe Universiteite is nog op 'n proefbasis. 'n Konglomeraat van al hierdie standpunte sal slegs aan die bespreking afdoen.

Geen politieke aangeleenthede sal bespreek word nie, tensy die vergadering anders besluit. Is dit wat hier bedryf gaan word enigiets anders as politiek?

Kan 'n vergadering met 'n politieke opset soos hierdie verloop sonder dat politiek ter sprake sou kom? Die wenslikheid van die besprek van politieke aangeleenthede op hierdie vergadering word sterk bevraagteken.

Die Studenteraad was nog altyd ten gunste van kontak en dialoog met anderstaliges soos ondernemings in die verlede ook van kan getuig, maar dan met sekere voorbehoude: Die bona fides van die betrokke partye moet ook na die skyn nie bevraagteken kan word nie. Die opset moet sodanig wees dat partye kalm en sinvol bespreking kan voer en terselfdertyd waar-dig kan verskil. 'n Spesifieke en regverdigbare doel word vereis. Die skakeling moet op 'n tydelike basis plaasvind.

LEON WESSELS.

Daar hejy dit!



Ag nou ja, studente massas in Karnaval het ook vir ons voordeel.



BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN

- ★ BOUTIQUE
- ★ GESKENKE
- ★ JUWELE
- ★ KUNSHAARSTUKKE

AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS

Tomstraat 88b & c

Foon 5943, 3377

STUDENTE APTEEK



In swart gewaad. Stilsluipend. Geboë verwagting, of is dit afwagting? 'n Hou oor die kop en die plegtigheid het die slegtheid afgerond. Die okkasie het die reputasie verewig. Drie (of vier, of vyf) jaar se pogings lei almal na Rome se groen gras, seilskerm en lang sit. Boonop nog elke jaar ook. En as jy baie sterk is loop jy die pad tweemaal — of selfs driemaal.

Maar as jy gewoon is, dan net eenmaal en met verligting ook. Dan was dit nie 'n mylpaal nie, maar 'n eindpaal wat bereik moes word, maak nie saak hoe lank dit sou neem nie!

Daarom versier die massale groep en die ordelike die graadterrein van Potchefstroom. Dit verklaar ook die verligting sowel as verwagting op die anders effe bleek gesigte (bleek van min son of verwarde ongelooft omdat die onverwagte tog eenmaal aangebreek het?)

Om die menslikheid van die sprokiesbeeld van mense en mense en mense... af te rond, kort nog die trots en die uitgestote bors. Ook dit is teenwoordig in die aanwesige vorige-akademiese generasie: Vergestalt in ouer- of dosentpersoonlikheid. Watter ouer kan trotser wees as juis hy wat die spruit uit die huis in die hande van ander laat ontgooi het tot wat nou voor die kanselier buig? Niemand!

Die borsaksie kom diegene toe wat die voete voorsien het waarby gesit kon word. Ek het hom gebring tot waar Hans kon oorneem met organisasie en spesifikasie. Of is dit: Einde-lik sal daar net nuwe gesigte in die finalejaar klas wees. Ook dit regverdig die aanspraak van trots en manneemoed.

Wee die dag wanneer die plegtigheid net 'n plegtigheid sal wees sonder die inhoud wat daaraan gegee word deur hom wat met die toga behang word. Wanneer die afrondingsterrein die eindpunt van die worsmasjien word en die slinger reeds vervang is met 'n knoppie wat homself druk. Die dag wanneer die produk geprogrammeerd anderkant uitkom: sonder eie rigting en grondslag: met net dit wat sistematies die logiese versier.

Dan is dit aanvraag en aanbod, getalle en subsidies, inspraak en uitspraak, kom en gaan, onbekend en onbeminde, teenwoordig of afwesig, dood.

Dan dra ons die klere wat ons wil, doen wat ons wil, bly waar ons wil, skryf wat ons wil,

skree wat ons wil, swat soms en probeer uitvind wat ons regtig wil. Dan word die patroon vervang met die patroon en die struktuur met die struktuur — en die inhoud, die krag; dit het die stiefkind van die massa-ma geword.

Geen lewende wese by Administrasie om oor te kla as die beurse nie betyds is nie, of die pos nog nie gesorteer nie. Geen dosent beskikbaar of bekend genoeg om mee van te verkil of oor te verskil nie. Geen laanaggeskil met ons bure van nou nie. Dit sal jammer wees.

Die mooi dinge speel in die akker van beperktheid. Die afgerondheid verhoed die afgerondheid. Die kern hou bymekaar wat bymekaar hoort. En die buiging voor die akademiese insig bring die buiging voor die menswees. Knik die kop: Ja, hoe lyk dit? Weet nie. Knik die kop: Ek het hom!

As ons nie saamstaan nie, wie gaan dan saamstaan waar ons ons bevind? Eendrag maak mag: Miskien moet daar meer aandag gegee word aan die wyse waarop ons saamstaan. Uit oortuiging of saamlouery. Bly dan liewer tuis as om in die pad te wees wanneer die krisis van beslissing aanbreek, tensy jy weet waaroor dit gaan. 'n Eie karakter, lewenshouding, manier van doen. Dit is nie so baie nie, is dit? En die kroon daarop is gradeplegtigheid — vir die huidige.

TERUGSLAG

Vervolg van bladsy 1.

sodanige konferensie van Stellenbosch afkomstig is. Die propagering van hierdie gedagte word dan ook deur *Die Matie* as die doel van die pasafgelope Studenteraadstoer aangegee. Na berig word het Stellenbosch self so 'n konferensie beplan sonder dat hulle van die die aktiwiteite van WITS bewus was.

In dieselfde berig word gemeld dat mnr. Etienne de Villiers (Studenteraadsvoorsitter van die Universiteit van Stellenbosch) by 'n vorige geleentheid die NUSAS-voorsitters oor so 'n konferensie toegesprek het.

UOVS en RAU het nog nie in die openbaar standpunt ingeneem nie. Na verwagting sal die NUSAS-kampusse en sommige van die nie-blanke groepe bereid wees om die konferensie by te woon.

ONS STEL BEKEND

Prof. P. J. Coetzee, 'n oud-Studenteraadsvoorsitter van die Puk, is met ingang 1970 as professor by die Teologiese skool aangestel.

Hy het sy matriek aan die Hoërskool Helpmekaar afgelê in die eerste klas met onderskeidings in Latyn en Wiskunde. Sy B.A.-graad het prof. Coetzee met onderskeidings in Latyn en Wysbegeerte behaal en sy D.Phil. graad was getiteld "Die antropologie van die vroeg-moderne Humanisme en die betekenis daarvan vir ons vandag". Op die oomblik is prof. Coetzee besig met die graad Th.D.

As student was prof. Coetzee vir twee termyns voorsitter van die Studenteraad. Hy was ook voorsitter van die gesamentlike Huiskomitee wat verantwoordelik was vir mans- en dameskoshuise sowel as voorsitter van Korps Veritas Vincet. Verder was hy redakteur van *Die Besembos*, het hy die redenaarsbeker verower en het hy die Puk op atletiekterrein in die langafstand items verteenwoordig. As senior student aan die P.U. het hy klas gegee in Latyn, Grieks en Wysbegeerte.

Na voltooiing van sy teologiese studie het hy agtereenvolgens in Benoni, Kaapstad, Bloemfontein en Klerksdorp-Wes in die bediening gestaan. Vir vyf jaar was hy die redakteur van *Die Kerkblad* en was hy ook as direkteur verbonde aan die Calvinistiese Instituut aan die P.U. (dit het later die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme geword). Gedurende daardie tydperk was prof. Coetzee ook 'n dosent in Bybelkunde aan die P.U.

In 1953 het prof. Coetzee as deputaat van die Gereformeerde Kerk sitting gehad op die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Edinburgh, Skotland. Verder het hy tydens verskillende Nasionale Sinodes in Suid-Afrika op die moderamen gedien en in 1953 het hy as skriba op die moderamen gedien. Vir 'n aantal jaar was hy lid van die Kuratorium van die Teologiese skool. In 1952 is prof. Coetzee deur die regering benoem op 'n komitee wat die Van Riebeeckfees gereël het. Hy was ook in 1959 skriba van die Deputate wat die Eeufees van die Gereformeerde Kerk in Rustenburg gereël het. Hy het op verskillende ander Deputaatskappe van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk gedien, onder andere as voorsitter van die deputate insake die geestelike noodtoestand in Afrika en as lid van die deputate insake die bestryding van Kommunisme.

Prof. Coetzee was ook vir 'n aantal jaar die voorsitter van die Bond van Jongeliedeverenigings op Gereformeerde Grondslag in Suid-Afrika en voorsitter van die Hoofbestuur van die Gereformeerde Teologiese Vereniging.

Tans dien prof. Coetzee in die redaksie van die teologiese tydskrif *In die Skriflig*. Hy dien ook as skriba op die Interkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse kerke.

In die geval van prof. Coetzee kan met reg gesê word dat die appel nie ver van die boom val nie, deurdat sy seun, mnr. Callie Coetzee, op verskeie terreine in sy vader se voetspore gevolg het. Mnr. Coetzee het ook sy Teologiese studie aan die P.U. voltooi en was voorsitter van die Studenteraad vir die termyn 1968/9.



Prof. P. J. Coetzee.
Foto: Fotokuns.

STUDENTEKAART WORD OORWEEG

Die Uitvoerende Komitee van die Afrikaanse Studentebond het opdrag aan die Direkteur Buitelandse Studentebetrekkings en Algemene Studentebelange gegee om daadwerklik aandag aan die implimentering van 'n Internasionale Studentekaart te gee.

Die gedagte aan 'n sodanige kaart het sy ontstaan reeds verlede jaar op die Hoofbestuur gehad.

Mnr. Sias Reynecke, Direkteur vir Algemene Studentebelange, sal die moontlikhede vir die gebruik van die kaart in die Republiek ondersoek. Aanbevelings in die verband sal hierdie naweek in Pretoria aan die Hoofbestuur gedoen word.

OPTREDE

Vervolg van bladsy 1.

kontakbesoeke gebring aan Suid-Afrikaanse universiteite waaronder nie net Afrikaanse blanke universiteite ingesluit is nie, en die PUKKE het onlangs, toe Stellenbosch Potchefstroom wou besoek, met WITS om die konferensietafel gesit."

Gedurende 1967 het die PUKKE ook 'n kontakbesoek aan sowel Afrikaanse as Engelse blanke en nie-blanke universiteite gebring.

Toenemende Isolاسie.

Mnr. Wessels is van oortuiging dat die ophef wat *Die Matie* oor die kontakbesoek maak, in die lig van die toenemende isolasie van Stellenbosch gesien moet word.

"Sedert die disaffilasie by die Afrikaanse Studentebond het Stellenbosch steeds meer en meer geïsoleerd geraak en alle voeling met die gangbare studentepolitiek verloor".

Verrassings.

Stellenbosch sal ook vind dat daar heelwat verrassings op hulle wag ten opsigte van die voorgenome studenteraadskonferensie in Julie vanjaar soos deur WITS beoog, reken mnr. Wessels. Die doel van die besoek van die Maties staan in noue verband met hierdie byeenkoms en *Die Matie* beweer dat Stellenbosch eerste met hierdie gedagte na vore gekom het. (Sien berig elders.)

TIEN PER MOTOR

Die Pootjie berig dat ongeveer elke tiende student op die Kampus van P.O.K. 'n motor besit. Volkswagen is die gewildste (62) gevolg deur Opel (21) met die Mini in die derde plek (17). Daar is 194 motors op die kampus.

CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

Agente vir...

★ REVLO- EN RIMMEL SKOOHNEIDS-MIDDELS

★ TABAC PREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens.

TEL. 4201 — TOMSTRAAT 92

Groot genoeg om u te bedien

Klein genoeg om u te ken.

GOEIE KOS!

FLINKE DIENS!

u tevredenheid is ons

PLESIER!

BAILIEPARK

PADKAFEE

(Lans die Johannesburg-pad geleë).

Besit ook dranklisensie

Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
Tel. 6670



BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

Stellenbosch Probeer Uitwaarts Beweeg

Stellenbosch het weereens die leiding geneem toe die S.R. onlangs 'n weeklange toer onderneem het waartydens nie net blanke nie, maar ook nie-blanke universiteite besoek is, berig *Die Matie* van 1 April, in sy hoofberig.

Die berig lui verder dat „U.P.E., Rhodes, Port Hare, Indiëuniversiteit Durban, Pietermaritzburg, Zoeloland en U.O.V.S.” besoek is.


Die *Matie* beweer verder dat die nie-blanke groepe op universiteitsvlak afkerig staan teenoor NUSAS „veral vanweë die feit dat hierdie organisasie blykbaar geen erns met sy liberale standpunte het nie.”

„Wat hulle van Stellenbosch waardeer is ons eerlikheid deurdat ons ten minste ons standpunt stel, want dan weet hulle ten minste waar hulle staan.”

Die studenteraadstoer word as 'n groot sukses beskou deur die Stellenboschse studentekoorant wat beweer dat daar „Oor die algemeen . . . 'n gees van welwillendheid en ontvanklik-

heid teenoor die Maties (heers) en . . . hulle bereid (is) tot gesprek.”

Die toer het plaasgevind vanaf Vrydag 19 tot Saterdag 27 Maart en die P.U.K. is nie ingesluit in die toerprogram nie. Die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Etienne De Villiers, het teenoor *Die Matie* sy spyt uitgespreek „dat Potch. nie in die toerprogram kon inpas nie, maar hoop egter dat die S.R. by 'n latere geleentheid ook hierdie universiteit sal kan besoek”.



Gaan die prentjie hom weer herhaal die Saterdag-middag na Karnaval.

Transkei Kan Onafhanklik Word

„Dit lyk asof 1971 betekenisvolle ontwikkeling op die gebied van die Tuislande sal bring”, het prof. C. P. van der Walt, hoof van die Departement Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit en leier van 'n studiegroep van drie dosente en vyftien studente, wat onlangs 'n driedaagse besoek aan die Transkei gebring het, tydens 'n perskonferensie gesê.

Prof. Van der Walt beskou die besoek as baie geslaagd en het sy dank teenoor die Rapportryerskorps (Gideon Scheepers-tak) en mnr. Hans Abrahams, Kommissaris-Generaal van die Transkei en ere-president van hierdie groep, vir die uitnodiging en die behartiging van die reël-ings uitgespreek.

LANDBOU

Die kweek en verwerking van tee kan eventueel daartoe lei dat die Republiek die tee ter waarde van R43 miljoen wat tans ingevoer word, van die Transkei verkry, aldus mnr. J. J. van Tonder. Hy is ook beindruk met di indiensneming van hierdie projek reeds op hierdie stadium bied. Slegs drie blankes is in die hele skema betrokke, terwyl die meerderheid arbeiders uit vroue bestaan wat die kwekery en pluk van die teeblare waarnem.

Mnr. van Tonder het verder gesê dat die Transkei oor geweldige landboupotensiaal beskik en dat dit selfversorgend kan word. Dit is moeilik om nou reeds 'n datum vas te stel, aangesien die mensefaktor die landbou-ontwikkeling strem. Hy is van mening dat die burgers van die Transkei nog nie die winsmotief bemeester het nie, en dat opleiding en onderwys hierop toegespits moet word.

Dele van die Transkei is rypry en kan die „groentespens van die Transkei” word, het prof. Van der Walt gesê. Hy het bygevoeg dat die sekondêre nywerhede vinnig ontwikkel. „Die sakfabriek is die eerste onderneming op die agentskap basis en die sukses daarvan beklemtoon dit wat verlore gegaan het omdat daar nie reeds vroeër met Blanke inisiatief begin is nie. Daarmee is die fondament geplaas vir nuwe ontwikkelings in 'n nuwe era.”

Hy reken dat die bierbrouery by Butterworth, die ontwikkelingspunt in die Transkei, goed vergelyk met die in Potchefstroom en selfs beter kan wees. Die produk word nie uitgevoer nie.

ONRUSBAREND.

„Die ekonomiese ontwikkeling geniet op hierdie stadium groot aandag van sowel die Sentrale Regering as die Transkeiowerhede,” is die mening van die leier van die studiegroep. Hy verklaar dat dit onrusbarend is dat die Regering die standpunt ingeneem het dat ekonomiese selfstandigheid nie 'n voor-

waarde vir staatkundige onafhanklikheid hoef te wees nie, aangesien ekonomiese stabiliteit nog orde kan stimuleer. Volgens hom sal dit ook nodeloos wees om geld onoordeelkundig in die Transkei in te pomp, omdat die inisiatief tot wins grootliks ontbreek.

STUDENTE IN ONGELUK

Twee studente van die P.U. vir C.H.O., mnre. Ockie Raubenheimer, lid van die Studenteraad, en Paul Hoogendyk, was tydens die onlangse kort vakansie in 'n motorongeluk betrokke. Die ongeluk het naby Burgersdorp plaasgevind.

Mnr. Paul Hoogendyk is met beserings in die hospitaal opgeneem en is die afgelope naweek na die Garden City Kliniek in Jhannesburg oorgeplaas, waar sy toestand as ernstig aangegee is.

Beide studente is op die Thalia-bestuur en het 'n skakeltoer onderneem waartydens publisiteit vir die liggaam se jaarlikse Julietoer gemaak is.

Die ongeluk het op pad terug plaasgevind.

Duurste Studente- publikasie

Irawa, die studentekoorant van U.O.V.S., berig dat hulle jaarboek, *Die Shimla* enig in sy soort gaan wees.

Die boek sal in volkleur verskyn en daar word gebruik gemaak van 'n nuwe spesiaal-ingevoerde papier van Japan.

Shimla sal die duurste studentepublikasie in die land wees. Die Studenteraad kon slegs R3,800 vir die blad begroot. Studente sal dit teen 50c per eksemplaar kan koop.

Die tema is sport, in aansluiting by die Republiekfees-verrigtinge. Kampusbedrywighede gaan 'n meer prominente deel van die blad uitmaak. Koshuisaktiwiteite gaan in kort kernagtige geskiedenis-oorsigte saamgevat word. Kunsbladsye sal verder kleur aan die binnewerk verskaf.

Drie Tokkelokke

Die Algemene Ontspanningsbestuur (A.O.B.) spog hierdie jaar met drie tokkelokke. Hulle heet Koos Kruger (Koos Kaffer), Nico Ligthelm en Kobus vander Walt (voorsitter).



Prof. C. P. van der Walt.
Foto: Fotokuns.

REMSKOEN.

Mnr. J. Swanepoel, een van die studentetoerlede, het aange- toon dat die onderwysstelsel en tegniese opleiding die remskoen in die ontwikkeling van die Transkei is. Mnr. Van Tonder het daarop gewys dat die onderwys in die hande van die Transkeiregering is, en dat drie tale (Afrikaans, Engels en Xhosa) vir die finale sekondêre eksamen vereis word, sodat die standaard van matriek selfs hoër as in die Republiek is. Prof. W. N. Coetzee, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, beweer

dat die standaard selfs hoër is as die van Brittanje.

Mnr. Van Tonder is van mening dat die klem na tegniese en 'n meer Transkei-gerigte onderwys moet verskuif. Dit geld ook vir tersiële opleiding.

Die Regering van die Transkei slaag goed daarin om die ses Departemente wat reeds oorhandig is, te laat funksioneer. Die Regering word geensins met toutjies uit die Suid-Afrikaanse Parlement beheer nie, terwyl blankes slegs met administratiewe sake hulp verleen, is die konklusie van die studiegroep.

EENPARTYSTELSEL.

Die bestaan van 'n tweeparty-stelsel lewer probleme aangesien dit nie tradisioneel aan die Bantoe bekend is nie. Opposisie word nog gesien as 'n vyand wat nie mag bestaan nie. Die groep glo dat die politieke ontwikkeling neig na 'n eenpartysysel en dat die Transkei reeds verder gevorder het op die pad van onafhanklikheid as wat algemeen aanvaar word.

Die gedagte aan 'n aksentverskuiwing binne die Departement Staatsleer na die meer kontemporêre staatkundige aangeleenthede, het ook tydens die besoek ontstaan.

Die Departement Volkekunde het in 1965 in samewerking met die Departement Naturelle-administrasie 'n soortgelyke besoek aan die Transkei gebring.

Internasionale Studente Kommunisties

IIEE (Institut International d'Etudes sur l'Education) berig in sy jongste uitgawe dat die International Union of Students sy tiende kongres in Bratislava, Tsjeggieslowakye, gehou het.

Daar word ook berig dat die kongres sy luide afkeer met Amerikaanse imperialisme uitgespreek het en dat geen woord in verband met die voortgesette okkupasie van Tsjeggieslowakye deur Rusland gerep is nie.

Volgens die bron het die Russiese buitelandse beleid meeste van die besluite in verband met politieke aangeleenthede oorheers. Viëtnam, Kambodja, Laos en die Midde-Ooste het in hierdie verband die meeste aandag geniet.

Die aansoek van NUIS, die studenteorganisasie van Israel, tot toelating as lid, is geweier.

ASB-MAN BEDANK

Die Direkteur van Afrika-Aangeleenthede op die Uitvoerende Komitee van die Hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond, mnr. H. S. Grobler, het sy bedanking ingedien.

Mnr. Grobler was verlede jaar ook op die Uitvoerende komitee en het die portefeulje ASPU en publikasies behartig.

As rede vir sy bedanking is persoonlike omstandighede aangevoer.

Die Uitvoerende Komitee het die bedanking aanvaar en sal dienooreenkomstig 'n aanbeveling by die Hoofbestuur doen. Die President van die A.S.B. het sy dank teenoor mnr. Grobler vir dienste gelewer aan die saak van die Afrikaanse Student en ook sy spyt oor die kragte van mnr. Grobler wat ontbeert moet word, uitgespreek.

Die Uitvoerende Komitee sal by die Hoofbestuur aanbeveel dat die werksaamhede van die Departement Afrika-Aangeleenthede onder lede van die Komitee verdeel word. Geen nuwe aanstelling word oorweeg nie.

U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM
(Skakel 3297 vir betroubare advies en laagste pryse)



Studenteraadskonferensie in Perspektief

Die pasaangekondigde besluit van die Studenteraad om nie die veelrassige konferensie van WITS by te woon nie, mag op die oog of onsin lyk wanneer WITS uitdruklik verklaar dat dit grond is op *ad hoc*-skakeling en dat geen politiekery deur middel van besluite beoefen sal word nie.

Die gashere verag van die Afrikaanse kampusse om in te val by 'n konferensie wat gereël word ooreenkomstig die uitgangspunt van die NUSAS-kampusleier. En sy standpunt bots met die van hom wat afsonderlike ontwikkeling aanvaar. Die logiese vraag ontstaan of die NUSAS-studente konferensies sal bywoon waar byvoorbeeld net blanke groepe teenwoordig sal wees — of bots dit nie met NUSAS se verklaarde beleid nie? Hiermee word slegs *hona fides* getoets.

Die jongste verlede het prakties aangetoon dat hulle nie bereid is om dit te doen nie. Maar nou word van die Afrikaanse kampus verwag om dit te doen sodat ons vriende kan sê: Vir die eerste keer in byna veertig jaar het ons daarin geslaag om alle groepe byeen te bring om dieselfde tafel. En dan bewys hulle nog niks nie, want dit wil lyk asof die byeenkoms ter wille van die byeenkoms gereël word.

Daar is ook nog geen waarborg dat die Studenteleiers van die Engelstalige kampusse afgesien het van die verbond met die Swart student soos laasgenoemde gedoen het teenoor sy blanke Engelse eweknie nie.

En waarom wil hulle dan praat? Die enkele prakties-organisatoriese aangeleenthede vereis nie die teenwoordigheid van verteenwoordigers van alle studenterate nie. Dis sg. studenteparlement begin dan die oog vang as die eintlike kern van die samesprekings — en wat kan dit anders wees as 'n politieke aangeleentheid?

Die Afrikaanse student is nie bang om oor die politieke opset in Suid-Afrika te gesels nie, allermens die PUK. WITS is reeds genooi om in 'n geslote vergadering net politiek te kom gesels. Die kruks van die saak is net dat die tyd nog nie ryp is vir politieke praatjies waarby alle groepe teenwoordig is nie (omdat veral die Engelse student hom nie daarvan kan weerhou om oor ander mense namens die ander mense te praat nie. Hulle het skynbaar verloor om vir hulleself namens hulleself te praat.

Die gewenste situasie sal dan wees dat groepe mekaar individueel ontmoet totdat hulle ryp en eerlik genoeg is om openlik te diskusseer. Dit is die basiese vereistes vir dialoog binne die studentekader van vandag.

En daarom is WITS van harte welkom om die Potchefstroom-kampus te besoek.

Stellenbosch Erken Isolasië

Die aanspraak van Stellenbosch dat die „Eerste Uitwaartse Beweging geslaagd” is, is net so verwarrend as die inleidende sin van die hoofberig in *Die Matie* van 1 April waarin beweer word dat Stellenbosch „weereens die leiding” geneem het met sy weeklange toer waartydens verskeie Universiteite besoek is.

Die Matie wil tog nie beweer dat hierdie toer die eerste in sy soort is nie? As hy dit wel wil doen, het hy sy huiswerk skandelik nagelaat. Indien die kern van die bewering moet lê in die feit dat ook nie-blanke universiteite besoek is, resorteer *Die Matie* onder diegene wat glo aan goedkoop politiekery waarmee sommige mense gebluf kan word.

Al waarheid in die hele berig lê in een gedagte opgesluit, en die ironie van die saak is dat dit juis daarmee is wat *Die Matie* wil spog: Stellenbosch is geïsoleer. Is dit dan nie so dat daar alleenlik uitwaarts beweeg kan word indien jy binne die grense van iets ingehok sit nie? In hierdie bepaalde geval begin die toedrag van sake selfs erger lyk as wat dit skynbaar is. Stellenbosch is nie net (volgens *Die Matie* was) afgesny van sy mede Afrikaanse kampusse nie, maar ook van die Engelse en nie-blanke kampusse. Anders sou die aanspraak sekerlik gekwalifiseer gewees het!

Dit is tog jammer dat die ontvangs op U.O.V.S. nie in meer detail behandel word nie. Die konklusie dat die Afrikaanse Universiteite ietwat stief teenoor Stellenbosch staan, sou dan heelwat duideliker in stryd met die gees van die aanspraak wees. Die besoeke van Tukkie aan Stellenbosch moet dan sekerlik ook in 'n ander perspektief geplaas word, indien nie buite rekening gelaat word nie.

Die enigste logiese afleiding blyk dan te wees dat Stellenbosch hom nou geskaar het aan die kant van die Engelse vriende ten koste van die natuurlike vriende. Geen ander konklusie kan die aanspraak op 'n deurbraak uit die isolasie eer aandoen nie, veral nie as die samesprekings met NUSAS-mense gevoer moet word voor konferensies gehou word nie; veral dan voordat dit onder die aandag van die natuurlike vriende gebring is.

En Stellenbosch kan sekerlik nie kwalik geneem word vir sy keuse in die uitwaartse beweging nie. As hy nie van sy kant ook opregte toenadering soek nie, sal hy steeds nie welkom bly nie. En die ergste van alles is dat Stellenbosch skynbaar nie anders kan optree nie. Die dade spruit immers voort uit die gees, en daarom het die nuwe vriende die logiese vriende geword.

DIE VERHOUDINGE TUSSEN STUDENTE EN UNIVERSITEITSOWERHEDE

Mnr. Lourens du Plessis, Sekretaris van die Studenteraad, was die afgelope tyd besig met 'n ondersoek na hierdie aangeleentheid. Die Wapad het hom gevra om enkele gedagtes vir Studentemening te formuleer:

Die stem van die student is 'n faktor om mee rekening te hou.

As 'n bloot kategoriese stelling kan die voorgaande „modefrase” moontlik summier afgemaak word as onverantwoordbaar; as een van die talle krete van die dekade '70, verdien die stelling egter die ernstige aandag van al die sogenaamde „buitestaanders” (waar die woord „buitestaander” t.o.v. die universiteit as gemeenskapsinstelling dan eintlik 'n *contradictio* sal wees) maar veral ook die meelewing en betrokkenheid van diegene wat daagliks gekonfronteer word met die een of ander vorm van opkomende „student power” — die universiteitsowerhede.

Die krete van die student is wesenlik noodkrete en is gesetel in die vrees dat hy sy individualiteit mag verloor.

Dit verg sekerlik geen profeet om te voorspel dat ons die tydperk van die gesiglose massamens se vereensaming reeds betree het nie. In ons eie studente lewe vind ons die simptome van hierdie kwaal in die verwyding van studente leiers na „die gewone student.” Die lewende individualiteit van elke student wat roep om erkenning, word misgekyk ter wille van die oorbeklemtoonde groepsbelang. Ek dink die probleem setel daarin dat ons te maklik die mens as sosiale wese te veel gaan beklemtoon. Tereg kan geargumenteer word dat die individuele student wel 'n plig het teenoor die gemeenskapsverband waarin hy hom bevind, maar ek glo nie dat studente leiers of enige ander gesaghebbende instansie op enige terrein van die samelewing tot nog toe daarin kon slaag om die individualiteit van die mens van '70, effektief (sy regmatige?) beslag in die gemeenskap te laat vind nie.

As dit dan die probleme tussen die student en sy leier onderling is, dan kan mens slegs 'n vae begrip vorm van die probleme wat daar moet bestaan tussen die student en sy owerheid, veral as 'n mens in ag moet neem dat die spreekwoordelike „generation gap” ook nog op hierdie terrein sy stem dik maak.

Die Pukstudent is ook intiem betrokke by die probleme van die student van '70.

Indien ons hierdie geweldige feit sou wou miskyk, dan moet ons maar voortslaap, in 'n valse gerustheid, „in die rus van die eeue gesus”, met die voorbehoud dat, om andere geen onreg aan te doen nie, ons onself liefs nie in die arena van '70 moet gaan begewe nie.

Waar ons as universiteit vanuit 'n unieke belydenis trag om onomwonde op 'n Skriftuurlike grondslag te staan, is die volgende ewels besig om militant in ons breër gemeenskap (of dalk ook in eie geledere?) te infiltrer: Universiteitsopleiding het gemeganiseerd geraak. In die soeke na 'n ongemotiveerde „praktygerigheid” word die student van sy grootste gawe, naamlik 'n volledige akademiese vorming, ontroof en maak ons onself nie ook hieraan skuldig nie?) En eindelik is ons niks meer as „tool making animals” nie: bevind ons onself in die worsmasjien van 'n „praktyk” wat maar net belangstel in ons arbeidsvermoë en, as toegif, as salf vir die gewete, tog so 'n bietjie aandag sal skenk aan

„die hoër geestelike waardes.” Wanneer ons onself eers hier bevind, staan ons midde-in die situasie van die sewentigs: is ons as't ware kinders van ons tyd en is die vraagstukke van ons tyd, ook ons vraagstukke.

Ons as studente kan onself tereg die vraag afvra hoeveel van ons eie akademiese leiers hulle werklik al op diepgaande wyse besin het oor u en my probleme. Ter stawing hiervan wil ek u graag uitnooi om die biblioteek te gaan deursoek vir literatuur oor ons as Afrikaanse studente van die sewentigs en ons eietydse probleme. Dit is so skaars soos die spreekwoordelike hoerterande. Hierin setel ons nood: weet ons eie owerhede werklik dat ons in die nood is? Kan mens hulle dit verkwalik as die kanale tot essensiële gespreksvoering nog net nie bestaan nie? Wat ervaar ons sogenaamde „gewone student”

studentemening

as hy nie meer op die kampus 'n parkeerplek vir sy motor kan vind nie, as hy by wyse van 'n eenvoudige administratiewe prosedure uit sy eie omgewing en vriendekring — waar hy darem nog 'n mate van erkenning voor die aanslae van 'n genadelose wêreld geniet — geruk kan word en teen sy sin in 'n nuwe omgewing geplaas word. Die dinge hang almal saam met 'n byna fanatiese tempo van ontwikkeling wat ons nie kan ontkom nie. Wat gaan ons posisie wees indien, soos by oorsese kampusse, ons klaslokale te klein begin word? Wat gaan ons doen wanneer losiesprobleme hulle optimum bereik het. Hierdie is bloot brood en botter aangeleenthede maar is die wyse waarop hulle hulself voordoën en die wyse waarop sowel owerheid as student hulle benader, nie simptome van 'n veel dieper onderstroming nie?

Teen hierdie agtergrond kan ons met vrug kennis neem van 'n veel meer kardinale aangeleentheid naamlik akademiese inspraak. Hierdie probleem setel myns insiens rondom twee uiteenlopende prinsipiële benaderings. Aan die een kant is daar die sg. „liberale” en/of „radi-

kale” rigtings — waar die terme „liberaal” en „radikaal” in hierdie konteks gebruik grootliks onwetenskaplik sal wees maar in die algemene spreektaal konvensioneel reeds aanvaar is as breë kategoriserende norme. Hierdie benadering het die groot gebrek dat die aanhangers daarvan die universiteit wil sien as 'n verteenwoordigende demokrasie wat op 'n „one man, one vote” — grondslag beheer kan word. Waar egter sogenaamde „demokratiese regte” aan studente verleen word, word die noodsaaklike hiërargiese struktuur wat aan 'n universiteit moet bestaan, uitdruklik misken — 'n blatante flater.

Die ander uiterste, die sogenaamde *in loco parentis* — benadering, is net so onaanvaarbaar: in hierdie geval wil die universitêre owerheid vir homself die rol van 'n ouer aanmatig. Die gebrek in hierdie stelsel is ooglopend — kan die universiteit in die toe-eiening van ouerlike voorregte en gesag oor die student, as *quid pro quo* die daarmee gepaardgaande verantwoordelikhede dra?

Vir 'n sistematiese uiteensetting van hierdie twee benaderings wil ek u graag verwys na dr. D. V. Cowen se reeks radiopraatjies „Students in search of the university” en dan in die besonder na sy laaste praatjie in die reeks, „The Techniques of Effective University Government.” Hy kom tot die baie aanvaarbare gevolgtrekking dat die student se rol aan die universiteit te vergelyk is met die van 'n junior vennoot. As *sine qua non* vir hierdie rol van die student stel hy dit egter dat „orderly and rational discussion as a distinct from wrecking the universities themselves” steeds die temperende voorvereiste moet wees — 'n aanhaling wat sekerlik by enige redelike mens sou opkom wanneer hy oor baie van ons Suid-Afrikaanse kampusse sal beweeg.

Wat nou van die Puk, en, veel belangrijker nog, wat van ons as Puk-studente? Dit moet eerstens vir ons baie duidelik wees dat 'n kitsoplossing in 'n pakkie, met 'n bypassende etiket, op die lang duur nie sal loon nie.

Verder moet dit ook vir ons duidelik wees dat ons ons eie bootjie deur die rotte sal moet stuur; dat ons nie enige ander

Vervolg op bladsy 5.

Uit die Woord

WAT IS MY NODIG?

Luk. 10:42. „Maar een ding is nodig”.

Martha en Maria, twee susters. Twee persone. Twee maniere van doen.

Die een dien, die ander luister. Martha laat in haar liefdesuiting vir Christus die klem val op dien — 'n Oorbeklemtoning van diens ten koste van luister.

Ja, eers sal sy rondwoel en werskaf, besig wees met baie dinge, en dan as daar nog tyd is sal sy luister na die Koninkrykswoorde van Christus.

Maria . . . eers luister, eers drink uit die stroom van genade wat oor die lippe van Christus bloei, eers dit wat ewig is en dan die tydelike dinge.

Eersdaags vier ons karnaval! Moet hierdie Skrifwoord nou 'n demper plaas op studenteblydskap en -vreugde? Moet ons die spel en vreugde laat verbyvloei sonder om daarin te deel? Nee!!

Onthou egter dat dit van verbygaande aard is, tydelik. „Een ding is nodig.” Dit is allesoorheersend in my vreugde. Een ding wat my vreugde nog groter maak — dit is die gemeenskap met Christus. Dit is die luister na Gods Woord in my werk, in my spel, in my karnavalviering . . . deur my hele lewe.

Dan vier ons karnaval met blywende vreugde.

K.M.

DIE

INSLEEP RESTAURANT

WAARHEEN ALMAL SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

studentemening

Vervolg van bladsy 4.

universiteit 'in die wêreld se stelsel *mutatis mutandis* net so by ons kan kom toepas nie — „dit sal nie noodwendig by ons werk as dit by die ander man gewerk het nie.”

Ons gesagsverhouding aan die P.U. vir C.H.O. was nog altyd gebaseer op wedersydse respek tussen owerheid en student. Met die snelle uitbreidings wat ons tans besig is om te beleef wil dit egter lyk asof die wisselwerking ernstig benadeel kan word: asof die studente in die oë van die owerheid moontlik 'n amorfte massa „wetsonderdane” kan word en die owerheid, in die oë van die student, 'n hardvoggige outokraat. Dit mag nooit gebeur nie en dit is terselfdertyd dan ook die uitdaging wat ons tyd aan ons stel! Indien ons nie bereid is om hierdie uiters essensiële slagaar elasties en lewenskragtig te hou nie, sal net ons daarvoor te blameer wees as 'n revolusie eventueel — miskien eers oor vyftig jaar — al ons mooi ideale verpletter.

Dit is so dat ons, as Afrikaanse universiteit met 'n sterk paternalistiese inslag, nog altyd geneig was om terug te deins voor die term „akademiese inspraak” as iets behorende tot denkrigtings waarmee ons onself lief nie sou wou assosieer nie — en dit heeltemal tereg indien „inspraak” sou beteken dat universiteitsowerhede en studente saam in 'n kring sit en „na die middel toe inpraat.” By gebrek aan 'n beter term kan ons egter ons „inspraak” so kwalifiseer dat, met die essensiële gesagstruktuur van „geledeerde gesag” as uitgangspunt, ons kan praat van 'n vorm van „wedspraak” tussen owerheid en student wat dan nie slegs akademies van aard sal wees nie, maar ook algemeen-administratief.

Dit is my oortuiging dat met die implimentering van ons prinsipiële suiwer gesagstruktuur, die kanale wat tans uiteraard maar slegs konvensioneel bestaan, nie meer al die verkeer kan dra nie.

Ek is net so oortuig daarvan — en in die verlede is dit ook al feitlik bewys — dat ons eie owerhede nie afsydig staan teenoor „die stem” van ons as studente nie, mits probleme maar op 'n verantwoordelike wyse onder hulle aandag gebring sou word. Maar wat dan van die „stemme” wat vanweë 'n gebrek aan voldoende kanale tot kommunikasie bloot in die lug bly hang?

Ons het hier grotendeels te doen met 'n kwessie van gesindheid. Aan die positiewe kant is dit derhalwe verblydend om op te merk dat baie dosente 'n punt daarvan maak om ook informeel met hulle studente te verkeer. (Die kafeteria is 'n stilswyende getuie hiervan!) Wat egter steeds 'n hoofpynplek op die kampus bly is m.i. die koshuise. Die koshuise word nie beskou as sou hulle m.b.t. gesagsuitoefening 'n deel uitmaak van die georganiseerde studentelewe nie. *De facto* egter is die koshuise die hele spil waarom die studente draai. Wat is dan nou die posisie m.b.t. die huiskomitees binne die hele struktuur van die studentelewe? Meer nog, wat van koördinasie van beleid en, finaal, is hierdie bestaande struktuur nie juis een van die sondebokke wat die verhouding tussen owerheid en student die meeste skaad nie? Die aangelentheid was by die skrywe van hierdie artikel nog *sub judice* en daar kan maar net gehoop word dat samesprekings wat eersdaags hieroor aangeknop sal word, die nodige vrugte sal afwerp.

Saam met die uitbreiding wat ons ondervind, sal daar mettertyd ook aandag geskenk moet word aan die volgende aspekte (en ons as studente moet weet dat dit geweldige verantwoordelijkheid van ons sal verg!); probleme met dosering van vakke algemene lewensstyl (waar onself met ons kleredrag en gedrag dikwels die sondebokke is) en, wat ek vroeër getipeer het as brood-en-botter sake, algemeen administratiewe aangelenthede.

Eindelik kom my betoog maar net hierop neer: Waar ons baie aandag geskenk het aan die formulering van 'n gesagstruktuur „In U Lig,” glo ek dat ons verder moet toesien dat hierdie struktuur ook in elke tyds-gewrig sy implimentering „In U Lig” sal vind. Die belangrike voorvereiste hiervoor is wedersydse respek en begrip wat eintlik tog maar net gebaseer is op die rigtinggewende liefdesgebod.



Mnr. P. F. van der Schyff.

Foto: Fotokuns.

BIOGRAFIE OOR OUD-DIPLOMAAT

Navorsing vir 'n biografie oor wyle dr. Eric Louw is al ver gevorder en kan moontlik voor die einde van die jaar verskyn, het mnr. P. F. van der Schyff, 'n senior lektor in Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit, gesê. Hy het met die werk begin kort na die dood van dr. Louw.

Mnr. van der Schyff het voorts gesê dat dr. Louw beskou kan word as die grondlegger van die Republiek se diplomatieke diens. Dit was veral as Suid-Afrika se Minister van Buitelandse Sake dat hy internasionale bekendheid verwerf het.

Oor sy navorsing het mnr. Van der Schyff gesê dat die private versameling van wyle dr. Louw tot sy beskikking gestel is. Mev. Louw en haar seun, adv. Martin Louw, en ander familie en bekende tydgenote van dr. Louw, het ok hulp aan gebied.

Mnr. van der Schyff is 'n oud-student van die P.U. en was 'n bekende Wes-Transvaalse rugbyspeler. Hy was voorheen verbonde aan die Politieke Argief van die U.O.V.S. en is aan die begin van 1971 as dosent in Geskiedenis aangestel.

KAAPSTAD.

Die Kaapstadse Universiteit se joolblad vir 1971, „Sax Appeal” is deur die Publikasieraad verban, luidens 'n aankondiging van die voorsitter van die Publikasieraad, mnr. J. Kruger.

OPVOEDKUNDIGES MOET WEER DINK

Prof. J. H. van Wyk, professor in Interfakultêre Wysbegeerte en Empiriese Opvoedkunde, het verlede Vrydagaand sy intreerede in die Konservatoriumsaal oor die onderwerp: *Horisontalisme in die Wetenskap*, veral soos weerspieël in die hedendaagse opvoedkundes gehou.

Jan Hendrik van Wyk is op 1925 in die distrik Brits gebore en het aan die Rustenburgse Hoërskool gematrikuleer. Nadat hy sy B.A. en onderwysdiploma aan die destydse P.U.K. vir C.H.O. behaal het, het hy aan verskeie skole, onder andere ook in Pretoria, skoolgehou. Vanaf 1960 was hy dosent aan die Pretoriase Onderwyskollege. Sedert 1969 is hy senior lektor aan die P.U. en met ingang 1971 is hy as hoogleraar aangestel.

Prof. van Wyk het sy rede met 'n skets van die huidige horisontalisme rondom die begrippe *seklarisasie* en *seklarisme*, wat hy as sinoniem beskou, begin. Dit impliseer die onttrekking van die menslike belange van die gesag van die kerk, wat dan 'n ter syde stelling van die Christelike norme, 'n „emansipasie van die mens van sy kosmiese verbondenheid beteken”. Die aarde word dan einddoel van alle menslike aktiviteit.

Dis dan die ontkerklike van alle fasette van die werklikheid waardeur die vertroue in die kerk na vertroue in die wetenskap verskuif; die welsyn en naaste-liefde. Die „spreke oor en tot God” word vervang deur geneesmiddels en kunsmatige hulpmiddels, soos kunsmis. Die menslike nood word deur die wetenskap gelenig. *Nood leer bid* word dan *Nood leer werk!*

Daarna het prof. Van Wyk die implikasies van die horisontalisme vir die Christelike leer verder deurgetrek: dit raak die mens se verhoudinge tot God, die goddelikheid van Jesus, die mens se wêreldbeeld.

Die horisontalisme skrap die genade-terrein van die Roomse tweedeling, sodat die moderne godsdiens 'n godsdiens sonder God word. As God dan nie direk dood verklaar word nie, is Hy steeds ver, Hy oorheers nie die huidige nie, is nie 'n persoonlike God nie, Hierdie dinge is geloofsverval: God bestaan nie meer in die bewussyn van die mens nie.

Jesus Christus spreek dan ook nie meer tot die mens nie — Sy stem het swak geword. Hy het probleme wat nie meer bestaan nie opgelos. Horisontaal word Hy 'n blote voorbeeld van menslikheid en naaste-liefde. Hy word 'n slagoffer van die relativisme van die moderne historiese denke.

Verder word die mens se werklikheidsbeeld aangetas: Die hemel word verbreek sodat die aardse realiteit die enigste realiteit word. Die algemene word bo die individuele verkies. Die mondigheid van die mens lei daartoe dat niks meer van 'n mag buite hom opgemerk word nie. Dit lei tot 'n geslote realiteitsbeeld: dit doen voor asof daar geen God meer bestaan nie.

Die natuur, wat skepping van God was, word nou menslike beheersingswêreld. Uit die natuur lei die mens nie meer die *vestigia Dei* af nie, dit word die *vestigia hominis*. Die mens kan dan brutaal oor die natuur beskik, sodat dit op die lang duur onbewoonbaar kan word.

Die wetenskap en demokrasie „vernuwe” alles. Gebed word ondermyn. Die religie word in die onbewuste lewe van die mens aangetas. Die Christendom word dan as die produk van 'n verdwynende kultuur gesien.

Vervolgens het prof. Van Wyk die wording van die horisontalisme, oor Augustinus se *deisme*, die illuminasie-leer van Thomas Aquinas, Karel Barth se teologie,

die rasionalisme van Kant en die eksistensialisme heen, geskets.

Daarna het prof. Van Wyk die huidige fenomenomisties-beheerste opvoedkunde in S.A. as horisontalisme ontmasker. Die in-hakies-plaas van die fenomeen is 'n verbokkeling van die wetenskap. Die isolasie van dinge van hulle verbande verontagsaam die vertikale relasie met God. Die voorstelling dat die rede die fenomeen sonder die lig van die Skrif kan deurskou, is rasionalisme.

Die stelling dat die opvoedkunde vry van 'n lewens- en wêreldbeskouing is, gaan terug op die Thomisme en eksistensialisme. Die irrelevantie van die geloof is horisontalisme. Die poging om kriteria uit die realiteitsstruktuur van die opvoeding self af te lei, verhef die onvolmaakte tot norm.

Prof. Van Wyk het sy rede met 'n drievoudige oproep tot Christelike opvoedkundiges en akademici in die algemeen afgesluit. Ten eerste moet hulle die wetenskap so beoefen dat beide blikrigtings — perspektiwies na



Prof. J. H. van Wyk.

Foto: Fotokuns.

bo en analities na onder — tot hulle reg kom. Tweedens moet Christelike wetenskaplikes opnuut oor perspektiewe besin en hulle wetenskappe op die basis weeg en uitbou. Derdens moet hulle met ywer opnuut die Christelike opvoeding en wetenskap aanpak, om die realiteit in noue verband met die Skrif te ontdek, bloot te lê en te interpreteer, om sodoende in die behoefte aan die Christelike wetenskap te voorsien.

TINAS MODEHUIS

TEL. 5780 — LOMBARDSTRAAT 55 — TRUSTBANK-DEURLOOP — POTCHEFSTROOM

★ PROBEER ONS VIR AL U BENODIGDHEDE

★ ALTYD DEFTIGE EN AANDDRAG IN VOORRAAD

★ ONS STUUR OP SIG UIT

★ SPESIALE 20% AFSLAG AAN STUDENTE



HUIS
en
TUIN
TEL. 4641

U NAASTE WINKEL AAN DIE UNIVERSITEIT
ONS SPESIALISEER IN STUDENTEBOHOEFTE

BULT DROOGSKOONMAKERS EN WASSERY

Kom na die nuwe Bult Droogskoonmakers en Wassery. Alles word nou skoongemaak of gewas in 'n spesiale ingevoerde skoonmaakmiddel. Ons trek binnekort na ons nuwe ultra-moderne lokaal te Tomstraat 98.

TOMSTRAAT 90

TEL. 5574

AGT DOSENTE ONTVANG DOKTORSGRADE

Die toekenning van eerste grade en diplomas vind vanmiddag op die Olën-sportterrein plaas. Die ondervoorster van die Nasionale Onderwysraad, prof. G. J. Jordaan, sal by hierdie geleentheid as gasspreker optree. Die toekenning van die 468 grade en 60 diplomas sal waargeneem word deur die vise-kanselier van die P.U., prof. H. J. J. Bingle.

Die nagraadse diplomas en gevorderde grade word more deur die kanselier van die P.U., Sen. J. de Klerk, toegeken. By die geleentheid sal die minister van Nasionale Opvoeding, sen. J. P. van der Spuy, die geleentheidstoespraak lewer. Die toekenning van twintig doktorsgrade, 74 meestersgrade, 143 honneursgrade, 36 B.Ed.-grade en elf LL.B.-grade maak 377 persent van die totale aantal grade wat toegeken word, uit.



Prof. H. G. Stoker.

Foto: Fotokuns.

'n Ere-doktorsgraad word aan prof. H. G. Stoker, 'n wêreldbekende wysgeer en voormalige hoof van die Departement Wysbegeerte aan die P.U. toegeken. Die volgende doktorsgrade word toegeken.

D. Litt.:

Mnre. W. J. de V. Prinsloo (Engels), P. de Klerk (Geschiedenis), L. R. Tonsing (Duits).

D. Phill.:

Mnre. H. C. van Zijl (Liggaamlike Opvoedkunde), L. Slater-Kinghorn (Staatsleer).

Th.D.:

Di. G. D. Kotze en J. A. van Rooy.

D.Ed.:

Mnre. P. C. Smit en J. D. Kies.

D.Sc.:

Mnre. D. N. Boshoff (Plantkunde), F. J. Buys (Liggaamlike Opvoedkunde), T. G. Dëkker (Chemie), N. P. du Pries (Chemie), mej. S. C. J. E. Green (Fisiologie), mnre. L. R. Janse, van Vuuren (Industriële Chemie), G. Oberholzer (Dierkunde), R. van Eldik (Chemie) en M. Roo-de (Dierkunde).

D.B.A.:

Mnre. D. R. Day.

D.Comm.:

Mnre. J. G. C. Smal.

Die volgende persone het meestersgrade met onderskeiding verwerf:

M.A.:

L. J. Malan (Afrikaans/Nedl.), A. S. Robinson (Afrikaans/Ned.), A. H. Snyman (Grieks), B. G. Snyman (Perswetenskap), M. C. de Kock (Psigologie), P. J. J. Pienaar (Sosiologie) en C. W. Bester (Sosiologie).

Th.M.:

Di. V. E. D'Assonville en M. A. Kruger.

M.Sc.:

R. Alberts (Chemie), A. C. Dreyer (Farmakologie), A. J. Goossen (Chemie), C. F. Hoon (Fisika), C. F. P. Jordaan (Chemie), B. C. Raubenheimer (Fisika), B. D. Richardson (Higiëne), D. P. J. Smith (Liggaamlike Opvoedkunde), L. D. Snyman (Biochemie) en W. van der Hoven (Dierkunde).

M.S.c. (Farmasie):

H. A. Koeleman, F. J. Potgieter.

M.Ed.:

J. F. Vorster.

M.Comm.:

D. G. Gouws.

M.B.A.:

M. B. Jones.

Agt van die doktorsgrade word aan P.U. dosente toegeken. D.Litt.-grade word toegeken aan mnre. P. de Klerk (Geschiedenis), W. J. de V. Prinsloo (Engels) en L. R. Tonsing (Duits). D.Sc.-grade word toegeken aan mnre. F. J. Buys (Liggaamlike Opvoedkunde), T. G. Dekker (Chemie), G. Oberholzer (Dierkunde), R. van Eldik (Chemie) en mej. S. C. J. E. Green (Fisiologie).

Kan dit Gratis Kry


Na verloop van slegs 48 uur was daar weinig van die plakate wat buite die kampus en die veertig plakate wat op die kampus aangebring is, te sien, het die Voorsitter van die Karnavalkomitee, mnre. Kobus Booyens in 'n verklaring aan *Die Wapad* gesê.

In die verlede is die Karnavalpogings oor swak reklame gekritiseer, terwyl dit nou wil lyk asof die reklamemateriaal hulle weg na binnenshuise posisies vind, het mnre. Booyens bygevoeg.

„Ek weier om te glo dat dit Pukstudente is wat die plakate verwyder het, en indien dit sou blyk dat dit wel die geval is, betreur ek die optreke sterk”, het mnre. Booyens toegevoeg.

Spreker wil ook die Pukke versoek om, indien hulle iemand sien wat van die reklamemateriaal verwyder, die betrokke persoon se aandag daarop te vestig dat dit onwettig is en ook die Karnavalkomitee daarvan sal verwittig.

Mnre. Booyens het bygevoeg dat diegene wat graag plakate vir eie gebruik wil hê, dit by hom persoonlik gratis kan verkry.



Prof. H. J. J. Bingle sal tydens die Gradeplegtigheid sy funksie vervul.
Foto: Fotokuns.

BEOORDEEL

Mnre. M. Kruger, wat nou met die Dierkunde Departement van die P.U. saamwerk, se verhandeling oor die bakterië wat op grondmyte voorkom, is in so 'n vorm afgehandel dat dit vir beoordeling voorgelê kan word.

GEMIDDELDE STUDENT ONTVANG GELD

Daar bestaan 'n groot behoefte aan studiehulp vir die gemiddelde student aan ons universiteite, het die Rektor van die Potchefstroomse Universiteit, prof. H. J. J. Bingle, onlangs gesê. Die geleentheid was die oorhandiging van die laaste paalement van die Avbob-skenking van R10,000 aan die universiteit deur die besturende direkteur van die Afrikaanse Verbondsgroep, adv. P. du Plessis.

„Vir die briljante studente wat voortdurend onderskeidings behaal, is daar altyd beurse en studieleninge beskikbaar, ”het prof. Bingle gesê. „Maar van die gemiddelde student — die sestigpersenter — wat nooit drup nie en nooit 'n las vir die universiteit is nie, word al meer verwag om self die mas op te kom”.

Ek dink dis verkeerd dat studiehulp beskikbaar gestel word volgens akademiese prestasies. Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek dat die gemeenskap nie gedra word deur briljante enkelinge nie, maar deur die gemiddelde man wat hom dikwels tot die uiterste moet inspan om sukses te behaal”.

Die rektor het bygevoeg dat sy Universiteit al meer aandag begin skenk aan die studie-behoefte van die gewone student. Die studentetal van 4 500, wat klein is in vergelyking met 'n paar van ons groter universiteite, ontvang die grootste bedrag aan lenings van alle Suid-Afrikaanse universiteite. Hulle beskou dit as 'n belegging in mense materiaal, wat syns insiens belangriker is as groot beleggings in bakstene en toerusting.

Prof. Bingle het die studente en oud-studente van Potchefstroom gelooft omdat hulle so gereeld hul studieleninge terugbetaal, sodat die universiteit in die verband geen slegte skuld het of ooit 'n borg hoef aan te spreek nie. Hy is dankbaar vir die Avbob-skenking van R10,000 omdat so baie uiteindelik daarmee bereik kan word.

Adv. du Plessis het gesê dat hy prof. Bingle die versekering kan gee dat die maatskappye-

Toergroep Besoek Transkei

'n Groep Staatsleerstudente, onder leiding van drie dosente, prof. C. P. van der Walt, mnre. J. J. van Tonder en mnre. P. J. J. S. Potgieter, het op uitnodiging van die Gideon Scheepersrapportryers 'n uitgebreide driedaagse toer aan die Transkei gebring.

Die eerste nag is op Pietermaritzburg deurgebring en die volgendedag is na Umtata vertrek.

Op 5 April bring hulle 'n besoek aan Butterworth, die Transkeise sentrum van sekondêre nywerhede. Die groep het die sakfabriek, bosboubedryf, kralewerk, lekkergoedfabriek en die bierbrouery besigtig. Die synproewers van die Puk het hier die geleentheid gekry om die gehalte van die bier te bepaal.

Mnre. Hans Abraham, Kommissaris-Generaal van die Transkei, het die Pukke tydens 'n onthaal, gereël deur die Rapportryerskorps, toegesprek. In sy toespraak het hy gesê dat die tyd in die Bantoe se ontwikkelingsproses nie vooruitgegaan moet word nie, maar dat die Transkei natuurlik moet ontwikkel.

Die volgende dag het hulle per bus na Lusikisiki vir 'n besoek aan die teeplantasies vertrek. Met hulle terugkeer, later die middag, het hulle by Port St. Johns aangedoen om eers in die waters van die Indiese Oseaan te baai.

Die laaste dag van die toer is Umtata besigtig. Die onderskeie Departementese sekretarisse het aan die studente inligting aangaande hulle funksies en take verskaf. Buitekant Umtata, by die Efata skool vir dowes en

blindes, het die onderwysers aan hulle in die praktyk getoon hoe die leerlinge onderrig ontvang. Na afloop daarvan, het die Efatakoor en orkes hulle vergas.

By Umtata is een van die Transkei se winsgewendste ondernemings, die spin- en weef-fabriek, wat hulle produkte na talle dele van die wêreld uitvoer, besigtig.

Die toer is met 'n geselligheid by Abrahamskraal afgesluit en die groep het op 7 April na Potchefstroom teruggekeer.

GROOT WINS GEMAAK

Die Admissiebond-studente het pas van 'n toer waartydens fondse ingesamel is om minder-gegoede studente van die N.G.-kerk, wat verder in die Teologie wil studeer, finansieel by te staan, teruggekeer.

Die toer, wat 'n wins van ongeveer R1 500 opgelewer het, het in die afgelope vakansie plaasgevind en Bethal, Witbank, Amersfoort, Chrissiesmeer, Badplaas, Volksrust, Standerton en Potchefstroom in die reisplan ingesluit.

Die studente, wat van privaatlosies gebruik gemaak het, is orals hartlik ontvang en kan nie oor die gasvryheid van die platteland uitgepraat raak nie. Die Toergroep het uit Teologiestudente, bygestaan deur Puk-asters, bestaan. Die program wat uit gewyde stukke en ook ligter luim bestaan was onder die regie van Mollie Vosloo en die koor onder die leiding van Johan van der Merwe.

Die program het onder meer uit twee toneelstukke, „Die Derde Man” van Ds. D. Myburgh, en „Die Nooientjie het Planne” van Gerhard Beukes bestaan.

Verder is Koorsang afgewissel met studentehumor. Mnre. en mev. P. J. J. Pienaar van die Departement Sosiologie het as toerouers opgetree.



Op die foto wat tydens die oorhandiging van die laaste paalement van 'n R10,000 skenking deur AVBOB aan die Potchefstroomse Universiteit geneem is, verskyn in gewone volgorde: Adv. P. du Plessis, (besturende direkteur van AVBOB), prof. H. J. J. Bingle (rektor van die Potchefstroomse Universiteit) en prof. D. J. Viljoen (Ekonomiese Wetenskappe).
Foto: Fotokuns.

DIT IS DIE SNIT WAT TEL ...



- * Alba broeke
- * Alba pakke
- * Monatic hemde
- * Battersby hoede
- * Gregory sokkies

TOD SUTTIE'S

Volledige Mansuistrusters
en Sporthandelaars

Posbus 219 — Kerkstraat 177

Tel. 3411

POTCHEFSTROOM

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

● HANDBOEKE

● SKRYFBEHOEFTE

● EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel”

TOMSTRAAT — TEL. 3421 — POTCHEFSTROOM

KARNAVAL IS HIER

Groot rooi en geel plakkate het dit aangekondig — Karnaval '71 is hier! Vir die volgende week kan elke student aan die pret en plesier wat aangebied word deelneem het die voorsitter van die Karnaval-komitee Kobus Booyens in 'n onderhoud met *Die Wapad* gesê.

Dinsdagmiddag word die karnaval amptelik deur mnr. Frik du Preez geopen. Ander eregaste sal die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, die Burgermeester van Potchefstroom, prof. J. H. Grobler, en die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Leon Wessels, wees. Die seremoniemeester is mnr. Koos Kruger.

Dinsdagaand word die eerste konsert aangebied. Kunstenaars wat optree is Dave Mills, die bekende Alabama Ritme-groep en Hessel van der Walt. Woensdagaand sal die ou „Groep Twee” vir vermaak sorg. Ander kunstenaars vir die aand is Anna Kruger, Len Lindeque en Dimpel Pretorius. Frans Marx sal die aand as seremoniemeester optree.

'n Opelugvertoning word op Donderdag 29 April gehou. Polisiehoof, 'n gimnastiekspan en die orkesgroep „Sounds Exciting” sal die studente vermaak. Die hoogtepunt van die aand is die vuurwerkvertoning wat deur die Rontgenmaatskappy aangebied word.

Vrydagoggend sal alle vermaaklikhede op die kampus self plaasvind. Die stalletjies sal naby die kafeteria wees en sal die tema van „Expu 71” aanneem. Hierdie aspek het vanjaar meer aandag gekry en daar word gepoog om die studente van genoeg snoeperye te voorsien.

Ligte musiek in die Totiusaal, modeparades, pyprook, eiergooi, en paalklim is van die vermaaklikhede wat tydens die stalletjiesdag bygewoon en gedoen kan word.

Die aand sal die onderskeie vlotgroepe braaivleis hou en ook saam die finale afrondingswerk aan die vlotte doen.

Die week se harde werk sal Saterdagoggend tentoon gestel word. Vanjaar se standaard behoort, volgens mnr. Booyens, baie hoog te wees, aangesien die tema die studente daartoe behoort te inspireer.

Die vlotte sal in optog, met die wenvlot vooraan, van die kampus vertrek en deur die strate van Potchefstroom beweeg om so die publiek die kans te gee dit te besigtig. Terselfdertyd word daar van die studente verwag om in hulle verskillende monderings aan die fondsin-sameling deel te neem.

Die week se verrigtinge word met 'n onthaal in die Totiusaal afgesluit. Dit sal die vorm van 'n Smorgasbrod aanneem. Kaartjies sal teen R1 per paar verkoop word.

Volgens mnr. Booyens moet die studente vanjaar saamwerk om die karnaval geslaagd te maak. Elke student moet sy volle gewig ingooi en help waar moontlik.

KARNAVAL '71 — PROGRAM

Saterdag, 24 April om 4 nm. in die tuin van die Rektorswoning:

Prestige Modeparade aangebied deur Marinella Modehuis, Johannesburg. Daarna 'n onthaal vir die gaste.

Dinsdag, 27 April:

Openingseremonie: 4.30 nm. op die kampus.

Gasspreker: Frik du Preez.

Ander sprekers: Mnr. L. Wessels, Prof. H. J. Grobler, Prof. H. J. J. Bingle.

Opelugte vir die massa op die kampus en 'n Skemerkelkontaal vir die eregaste.

Konsert: 8.00 nm. in Sentrale Eetsaal: Dave Mills, Hessel van der Walt en Ben Trauto, Toy, Universiteitskoor, Alabama Ritme-groep.

Woensdag, 28 April:

Boeresport by Natuurwetenskappe geboue om 4.30 nm.

Konsert: Sentrale Eetsaal om 8.00 nm.: Groep 2, Anna Kruger, Dimpel Pretorius en sy orkes, Len Lindeque, Raulph Laubscher.

Donderdag, 29 April:

Opelugvertoning om 7.30 nm. by Bill Swart-Ovaal: S.A.P.-Hondeskool, Kroonstad Gevangenisdienst Gimnastiek, „Sounds Exciting”, Vuurwerkvertoning.

Vrydag, 30 April:

8.30 vm.: Karnavaltidren.

9.30 vm.: Vryvalvertoning.

11.00 vm.: „The Attraction”.

1.00 nm.: Vryvalvertoning.

2.00 nm.: Modeparade.

Heeldag stalletjies met tema „EXPU 71”.

Die aand, vlotbou.

Saterdag, 1 Mei:

Vlotte kom om 8.30 vm. byeen vir beoordeling en beweeg daarna deur die strate.

8.00 nm.: Afsluitingsfunksie in Totiusaal.

Op die Koshuisfront

Oosterhof:

Daar kan met die grootste sekerheid gesê word dat Oosterhof se gees van die beste is. Dit is duidelik deur die sêr-kompetisies wat ons nou vir die tweede agtereenvolgende jaar gewen het bewys.

Ons Verlowing met Makou-vlei is steeds geslaagd en ons vind in hulle die vurige bewonderaars waarna elke jongmeisie verlang.

Oosterhof staan ook bekend vir sy standaard intertees. Uitspan kan, na die interete by die dam aan die einde van verlede kwartaal as getuie dien.

Die hokkie seisoen wat voor die deur is hou ook vir Oosterhof groot verwagtinge in.

Dan word daar nog groot dinge beplan vir ons sitkamer en ontspanningsaal sodat alles een van die dae somer eksie perfeksie sal wees.

Klawerhof:

Lang gesigte, diep sugte en 'n ek - weet - wat - kry - ons - vandag - houding, het gou plek gemaak vir verbasing, ongelof en waterende monde. Ja, dit is soos die dames van Oosterhof en Klawerhof Woensdag in die eetsaal 'n transformasie ondergaan het.

Die nuwe gordyne het sommet baie bygedra, maar die melk en nagereg en boonop hoender-vleis op 'n weekdag, was ongelooflik.

Die dames voel dat die owerhede se verlange gedurende die „lang” vakansie op „kosbare” wyse getoon is. Boonop is daar nog 'n nuwe spysenier ook aangestel!

Spontane uitroep het opgeklank wa omtrent so geklink het: „Fantasies, wat 'n verrassing! Dis wonderlik, veral die melk, net jammer dis so min.” „Dit is absoluut sigbaar dat die Puk 'n nuwe spysenier gekry het! Ek het gedink dis Sondag.” Onderlangs het iemand opgemerk „Ek hoop net nie die koeie droog op nie.”

Mejuffrou Elsa Oosthuisen sê: „Dis bak, dis net nie so goed vir die figuur nie.”

Mejuffrou Dou Lombard, 'n Huishoudkunde student, het opgemerk dat die dieet nou meer gebalanseerd is.

Dit wil voorkom asof hierdie wending blywend van aard gaan wees en dit lyk omtrent asof die uitlating „warm kos is lekker” nou byval gevind het by die matrones en die wens wat nou hardop uitgespreek word is „Hou so aan!”



'n Klompie dames van Kulu in gesellige luim om die teekan: Voor: Lydia Booyens, Elsa Venter, Cecelia Bingle. Middel: Marinda Myburgh, Betjie Brink. Agter: Retha Coetzee (primaria) en Kobie Henning. Foto: Fotokuns.

DAT WIJ KULU-MEISJES ZIJN DAT WILLE WIJ WETEN

Kulu:

Daar woon weer dames in Kulu. Dit is nou seker nie juis nuus nie, want oral op die Kampus en by aksies loop jy die Kuliete raak.

Hulle is vas van plan om Kulu se tradisie te laat herleef. As mens op hul optrede en vertonings tot dusver let, blyk dit dan ook asof hulle alreeds daarin geslaag het.

Daar is inwoners in Kulu, wat beteken dat daar nie plek vir 'n muis is nie, maar miskien tog nog vir 'n kriket, want die is daar ook glo volop. 28 van die dames is seniors en hulle bly somer baie, baie lekker en skrik geensins vir die 57 eerstejaars nie.

Oorspronklikheid skiet ook geensins by hierdie klompie eerstejaars tekort nie. Op uiters gasvrye wyse is hulle oudames een aand gevang, geblinddoek en na die sitkamer geneem waar 'n heerlike patytjie vir hulle gereël was! Alle oudames is eers drieuur die oggend met 'n propvol

maag en 'n pragtige aandenking bed toe.

Die huiskomitee van die koshuis lyk so:

Retha Coetzee (primaria), Jean Macaskill, Wendy Macaskill Fransie van Staden en Elsa Venter.

Vra jy die dames uit oor hul koshuis is almal net meer as in hul skik, maar kan hulle tog nie nalaat om 'n verwyte vinger na die manlike inwoners van verlede jaar te wys nie, want Kulu is baie verniel. Daar word kliphard gewerk en verbetering kan daagliks bespeur word.

Lettie Dup-eetsaal val ook in die dames se smaak maar tog voel hul ietwat bevrees as hul aan die naderende Intervarsity en die Driehonderd mans wat saam met hulle eet, dink.

Hou maar vir Kulu dop, al is hul net 'n handjievol, borrel hulle oor van 'n goeie gees en sien hul kans om enige ander koshuis te klop!

Gewilde Rolprente Vertoon

Met „Carry on Cowboy” verlede Saterdagoggend, het die Ekonomiese Vereniging die eerste van 'n reeks filmvertonings wat hulle beoog om hierdie jaar te vertoon, aangebied.

Meneer Abrie De Bruyn, voorsitter van die Ekonomiese Vereniging, het in 'n onderhoud gesê dat hulle wil probeer om gewilde rolprente soos „Madam X” en andere te vertoon.

Die fondse wat uit die vertonings verkry word, sal hoofsaaklik vir die finansiering van die geldkas aangewend word. 'n Toegangsfooi van 25 sent word gevra.

MUSIEKGROEP IN DORP

Mnr. Louis van Rensburg (ghitaar en drom) en mnr. Koos Lessing (basghitaar), wat verlede jaar saam met die Alabama Studentegeselskap getoer het, tree nou Vrydag- en Saterdagoggend in 'n plaaslike „a la carte”-restaurant op. Mnr. Van Rensburg bespeel die elektroniese orrel, terwyl mnr. Lessing die ghitaar oorgeneem het en ook sing.

KULU EN HEIMAT SPEEL NETBAL

Verlede Vrydagmiddag het 'n netbaloorlog tussen Kulu en Heimat plaasgevind.

Die dames het die manne uitgedaag en is somer aan die begin van die wedstryd reeds deur die uitstekende Rugbyspel van die manne ontugter. Pierre, 'n eerstejaar van Heimat, het veral goed met sy kortlopij vertoon en dan was daar ook nog Zak Ferreira wat besluit het dit is veel makliker om teen die doelpaal op te klouter en die bal deur die ring te plaas as om te staan en „over” speel.

Die dames het hulle geensins laat afsit deur die rowwe spel nie en het kliphard teruggeveg, sodat die eerstepanne dan ook gelykop eindig.

Die tweedepanne het hard gespeel en heimat behaal 'n oorwinning. Ten spyte van nerfaf knieë, verstuite vingers en derglike beserings was dit 'n uiters aangename middag en het die yskoue koeldrank in Heimat se sitkamer groot aftrek gekry.



Konkie van der Walt stoot die wenkruwa terwyl Kruger Henning die leisels vashou. Beide is dorpsstudente en het die louere vir dorp, tydens die jaarlikse kruiwaresies wat tydens die oorhandeging van *Die Pukkie* plaasvind ingeoes. Foto: Fotokuns.



Oosterhof wen die damesafdeling van die sêrkompetisie.

Foto: Fotokuns.

OUË WESTE INRYTEATER

Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.

★ Vrydag en Saterdag 23 en 24 April. Eerste vertoning:

„X-15”

Charles Bronson, Brad Dexter en Elizabeth Hush.

★ Tweede Vertoning:

„TOWN WITHOUT PITY”

Kirk Douglas.

Geen persone 4-18.

★ Maandag en Dinsdag 26 en 27 April:

„A WALK IN THE SPRING RAIN”

Anthony Quinn en Ingrid Bergman.

★ Woensdag en Donderdag 28 en 29 April:

„CASTLE KEEP”

Burt Lancaster en Patrick O'Neal.

Geen persone 4-18.

POTCH INRY INRYTEATER

Maandag tot Donderdag 7.00 nm.
Vrydag en Saterdag 6.45 en 9.00 nm.:

★ Vrydag en Saterdag, 23 en 24 April. Eerste vertoning en tweede vertoning:

„ANNIE GET YOUR GUN”

Betty Hutton, Howard Keel.

★ Maandag en Dinsdag 26 en 27 April:

„SHOWBOAT”

Kathryn Grayson en Howard Keel

Geen persone 4-12.

★ Woensdag en Donderdag 28 en 29 April:

„GIGI”

Maurice Chevalier en Leslie Caren.

20th Century Teater

Matinee Maan., Woens., Vry.
en Sat. om 2.15 en 8.00 nm.:

★ Don. 22, Vry. 23 en Sat. 24:

„HELLO DOLLY”

Barbara Streisand, Walter Matthau.

★ Sat.-oggend 9.45 vm.:

„MASSACRE RIVER”

★ Maan. 26 en Dins. 27:

„ALIVE OR PREFERABLE DEAD”

Guiland Gemma

Woens. 28 en Don. 29:

„MAKE-UP STAINS A DETECTIVE”

Franco Nero, Florinda Bolkan.
Geen persone 4-18

PUKKE SÊ HUL SÊ

CALVINIS — Jou brief kan nie geplaas word voordat jou volledige naam en adres aan Die Wapad bekend is nie.
— Red.

STADSKOLLEGAS ONTMOET

Reeds vanaf half-vyf verlede Vrydagmiddag was Kerkstraat se motors minder en het Lourens de Beer as patroleerder op sy fiets die jaarlikse kruiswarsies, as 'n groot „hulp” vir die Verkeerspolisie, help organiseer. Oral langs die straat was mense, diere en studente, selfs op balkonne van geboue, hangende aan pale en pilare.

Mnr. Leo van Schaik het met 'n omroeperstem die Kruiswarsies van die Puk aangekondig. Om kwart oor vyf het die wedloop vanaf die O.K. Basaar begin terwyl 'n opgewonde skare ook saamgehardloop het. „Pasop voor” en agter die kruiswarsies van -Dorp hardloop Ettienne Schalekamp oor die wenstreep, tweede was Gatland en derde Hombre.

Voor die stadsaal het die skare op die aankoms van die Burgemeesterspaar van Tarentaal. Mnr. Koos Kruger en sy „liefdevolle” gade gewag, wat met 'n blou „lang, slap” motor en 'n flink chauffeur arriveer het.

Na die verwelkoming deur Mnr. Piet Taljaard is die oorhandiging van die trofee aan die winners deur mnr. Kruger

en sy gade waargeneem. Mnr. Kruger het ook die groete van Tarentaal oorgedra asook die Burgemeesterspaar van Potchefstroom, prof. en mev. J. H. Grobler, as kollegas verwelkom.

Mnr. Leo van Schaik het die eerste Pukkie aan prof. Grobler oorhandig en in sy antwoord het prof. Grobler die Potchstudent as „anders” bestempel. 'n Ander gees wat hier heers en die gedrag van die studente weerspieël dit duidelik. Alle winners is uitgenooi vir 'n „spesiale” koeldrank.

'n Tjek van Tarentaal is aan mnr. Van Schaik oorhandig en die mooi bedrag van R3230,90 is in ontvangs geneem. (Hou die bankroof van verlede week dalk verband hiermee!)



Rene van Wezel en Robin Alexander tydens die besoek van „Kies 'n Kas” van Springbokradio afgeneem.

Foto: Fotokuns.

KIES 'N KAS

'n Stampvol saal en studente wat die hele tyd hulle mede studente aangemoedig het, het gesorg dat die program wat die Karnavalkomitee verlede Vrydagmiddag aangebied het suksesvol verloop het.

„Kies 'n kas” of beter bekend as „Pick a Box” het onder leiding van Elwin Morris en Robin Alexander gestaan. Die spannende en humoristiese program het toejuiging en aanmoediging van die studente wat die

aanbieding deurgaans geniet het, ontlok.

Verskeie van die studente het dan ook met groot pryse van die verhoog afgestap. Baie moes egter tevrede wees met 'n lugposkoevert of 'n stukkie bruin papier.

Volgens die karnavalvoorsitter mnr. Kobus Booyens, kon die aanbieding nie 'n groter sukses gewees het nie. Vir hom was dit 'n goeie begin van 'n lekker karnaval wat volg.

Sêrkompetisie Handhaaf Hoë Standaard



Onder die manskoshuise blink Uitspan uit.

Foto: Fotokuns.

mich an” nie. Ook hier het die afgeronde aanbieding van Over de Voor en Makoulei se gemaklike atmosfeer en humoristiese kombinasies van liedjies hulle sterk kompetisie vir die winners gemaak.

Die ander groepe se optredes was gekenmerk deur entoesiasme en sigbare genot. Die Al-

gemene Bestuur vir Kuns-Kultuur kan tevrede wees daarmee dat die kompetisie in sy direkte doel geslaag het. Of daarin geslaag is om sêr in die algemeen te bevorder, en spesifiek die Afrikaanse liedjie sy regmatige plek in die sêr-repertorium te gee, sal egter eers deur die jaar duidelik word.

KARNAVALBOODSKAP

Geagte Pukke,

Karnaval '71 is op hande. 'n Karnaval aangebied deur studente vir studente. 'n Karnaval met sy eie karakter maar wat tog die Karnavalkarakter van die P.U. vir C.H.O. behou.

Karnaval is primêr vir u. Wel kan betoog word dat ons ook poog om die buite-publiek te betrek wat ook waar is, maar die Puk-student is die persoon wat van Karnaval 'n sukses of mislukking kan maak. Vrydag is veral u dag; van Tydren tot „Pop” groep en van stalletjie tot vlotbou.

Ons wil u uitnoui om deel te neem aan alles! Vanaf die Openingsseremonie tot die Afsluitingsfunksie. Hierdie is u Karnaval en u kan dit vir uself onvergeetlik maak of dit 'n vaal kol in 'n vaal jaar maak, die onus rus dus op u.

Ek wil afsluit met die volgende woorde: Laat inisiatief, geesdrif en verbeeldingrykheid u wagwoorde wees en ons belowe u 'n onvergeetlike Karnaval.

KOBUS BOOYENS.

CACHET MODES DIE DAMESWINKEL

bied u

* SOMERMODES

* wintermodes

* ONDERKLERE

* broekkouse

TOMSTRAAT 92

Kampioenskappe Lewer Goeie Tennis

Die P.U. Tenniskampioenskappe het met uitsondering van een wedstryd doodgereg. Pikkewyn Malan, die nommer een gekeurde, het die nommer twee gekeurde Pieter de Villiers met 6/3 en 6/2 uitgeskakel.

In die semi-finaal van die damesafdeling is die volgende wedstryde gespeel: Marike Rencken, 'n eerstejaar, het Heloise Burger laat sweet voordat sy met 6/3 en 6/4 gewen het. Enid Rencken het in die ander semi-finaal met Riana Fourie in 'n taai wedstryd wat oor drie stelle beslis is afgereken; 7/5, 4/5, 6/3. Heleen Schoch en Riana Fourie het die ander dubbel semi-finaal gewen deur Engela Badenhorst en Sonja Kruger uit te skakel.

Enid en Marike Rencken het ook deurgedring tot die finaal van die dames-dubbelspel, hulle het Heloise Burger en Louise Adendorf maklik met 6/2 en 6/3 uitgeskakel. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat twee susters in 'n P.U. Kampioenskappe dubbelspel finaal speel.

Net een semi-finaal gemengde wedstryd is gespeel. Christo van der Walt en Heloise Burger

Hokkie Ruk Reg

Verlede Saterdag het die Pukke met die span van Western Reefs op Stilfontein kragte gemeet en die wedstryd 7-0 gewen.

Binne die eerste drie minute van die eerste helfte is al twee doele aangeteken. Teen die einde van die eerste helfte staan die punttelling op 4-0, in die tweede helfte is nog drie doele aangeteken, sodat die eerste-span met 'n oorwinning van 7-0 spog.

Die tweedespan het ook nie vir hul teenstanders teruggestaan nie en die telling was gou 3-0 in die Pukke se guns. As gevolg van onkantspel, het 'n paar doele verlore gegaan, maar die PUK seëvier oor hul opponente met 6-0.

Spelers Dink Nie

Verbeeldingloosheid van spelers in Wes-Transvaalse rugby kan as die een negatiewe kenmerk van die spel in die geweste gesien word, het Springbokkeurder en -afripter mnr. Johan Claassen voor 'n aantal afripters, studente en skoliere op 'n vergadering na afoop van die afriptingskursus wat op die Puk aangebied is, gesê.

Die verbeeldingloosheid in ons rugby kan herlei word na een saak, naamlik dat spelers nie meer op die veld dink nie. Voordat 'n speler nie geleer het om op die veld vir homself te dink nie, sal hy nie 'n groot speler wees nie. In ons rugby het ons die gebruik of gewoonte dat 'n span hom uit die moeilikheid skop. Wanneer leer ons om ons uit die moeilikheid te dink, het mnr. Claassen gevra.

Aldus mnr. Claassen is die Franse ons in die opsig ver voor, alhoewel hulle humeure teen hulle tel. Verlede jaar se All Blacks was ook denkende spelers hoewel binne 'n vaste patroon.

Sodra hulle egter gekonfronteer is met 'n situasie wat buite hulle bepaalde speelpatroon geval het, kon hulle hulle as span nie aanpas nie. Die toets vir 'n groot span en spelers lê daarin dat hulle self moet kan aanpas in die nuwe omstandighede.

Verder moet spelers uitgehonger word vir 'n wedstryd. Daar moet gesorg word dat spelers gedurende die week nie so hard oefen dat hulle Saterdag tam is nie. Oefeninge moet beplan word en 'n situasie moet geskep

het vir Elmo Ferreira en Enid Rencken geklop.

Elmo Ferreira het in die semi-finaal tussen hom en Pikkewyn Malan in die tweede stel goed weerstand gebied. Hy het uiteindelik met 6/0 en 8/6 teen Pikkewyn verloor.

Die twee eerstejaars, Kosie Reed en Steynman de Bruyn, het die twee seniors Elmo Ferreira en Pieter de Villiers laat sweet in die tweede stel voordat hulle die knie met 6/0 en 9/7 gebuig het. Sodoende het Elmo Ferreira en Pieter de Villiers dan tot die eindwedstryd deurgedring.

SKERMKLUB OP DREEF

Die skermklub van die P.U. vir C.H.O. het die jaar besonder goed begin in 'n wedstryd teen Welkom Rovers op 27 Maart.

Tersia Strydom van die Puk het getoon dat sy oor groot potensiaal beskik in haar wedstryd teen die S.A.-kampioene en Springbok Heidi Elmar. Juf. Elmar het die geveg 4-2 gewen.

Die uitblikker van die Pukke was ongetwyfeld Hennie de Villiers. De Villiers het pragtig geveg en drie uit die vier gevegte gewen.

Helen Combrink en Annette Pretorius het as beginners op dieselfde byeenkoms belowend vertoon.

Die klub sal die P.U. op 21 April op Lichtenburg verteenwoordig. Op die byeenkoms sal van elektriese apparaat en neonligte gebruik gemaak word. Vertonings met die floret, sabel en epee sal gelewer word.

Wedstryde teen Wits, Tukies en Pretoria Tegniese Kollege word ook in vooruitsig gestel. Die Bloemfonteinse Skermklub,



Die Studenteraad geniet 'n ete by Oosterhof tydens die Studenteraadsvergadering se etenspouse. Vergaderings begin in die laatmiddag en word na ete voortgesit. In die gewone volgorde verskyn Rina Fourie, Oekie Raubenheimer, Rika Wechner, Nico Ligthelm, Koos Kruger, Hettie Coetzer (Primaria) en Leon Wessels (voorsitter van die Studenteraad).

Foto: Fotokuns.

Kursus Geslaagd

'n Baie geslaagde afriptingskursus is voor die Aprilvakansie deur die Sportinstituut aangebied en mnr. Piet Malan en Piet Brand kan gelukgewens word met die standaard van die kursus en die geleentheid wat hulle geskep het om spesifiek Wes-Transvaalse rugby onder die soeklig te bring.

Die skole in Wes-Transvaal het groot belangstelling getoon. Besprekings van die verskillende posisies het baie vrae ontlok en die eerste dag se verrigtinge veral het groot belangstelling uitgelok. Dit is egter jammer dat studente van die Puk en P.O.K. die kursus nie deurgaans kon bywoon nie as gevolg van klasse.

onder Herald Schroder, besoek die Puk ook binnekort.

Die Pukke moet as gunsteling beskou word om die geveg te wen, as in ag geneem word dat die Puk U.O.V.S. verlede jaar tydens Inter-Varsity die onderspit laat delf het.

Die P.U. behoort ook sy stem dik te maak in die komende S.A.U. toernooi in Julie. Dit sal geen verrassing wees as daar 'n Puk in die Proteaspan ingesluit word nie. Tersia Strydom is verlede jaar tydens die byeenkoms as reserwe van die Proteaspan aangewys.

Die klub spog met elektriese apparaat, en word afgerig deur Eric Wilson.

Muurbal Wen

Die P.U. se nuutgestigde Muurbalklub het sy eerste vriendskaplike wedstryd onlangs teen 'n span van die Leër met vier wedstryde teen een gewen.

Die klub beskik nie oor muurbalbane nie. Volgens mnr. Nic Coetzee behoort die probleem binnekort iets van die verlede te wees, as die bane wat in vooruitsig gestel word voltooiing bereik het. Vier bane, teen 'n beraamde koste van R20 000, word op die P.U.-terrein gebou.

Op die oomblik maak die spelers van die Leërbane gebruik wat elke middag van 3.00 - 4.30 nm., behalwe Woensdae, aan lede beskikbaar gestel is.

WATERBESOEDELING

Mnr. P. A. J. Brandt, dosent in die Departement Mikrobiologie aan die P.U., het verlede Maandag 'n vergadering in Pretoria oor organiese waterbesoedeling bygewoon. Die Departement Mikrobiologie werk nou saam met ander instansies onder beskerming van die W.N.N.R. oor die herwinning van besoedelde water.

RUGBYBEPALINGS

24.4.71:

W. Tvl. A vs. Oos-Tvl. A
W. Tvl. B vs. Oos-Tvl. B
W. Tvl. o/20 vs. Oos-Tvl.

28.4.71:

P.U. I vs. Potch Dorp I
P.U. II vs. Potch Dorp II
P.U. III vs. Potch Dorp III
P.U. IV vs. Potch Dorp IV

1.5.71:

P.U. I vs. Goldfields I
P.U. II vs. Goldfields II
P.U. III vs. Goldfields III
P.U. IV vs. Goldfields IV
P.U. o/20 vs. Goldfields o/20

Park 4.00 nm.
Park 2.30 nm.
Park 1.25 nm.

Park 8.00 nm.
Park 7.00 nm.
Park 6.00 nm.
Piet Bosman 6.00 nm.

G'Fields A 4.00 nm.
G'Fields A 2.45 nm.
G'Fields B 2.45 nm.
G'Fields B 1.45 nm.
G'Fields A 1.45 nm.

Instituut Vertoon Skyfies

Die Instituut vir Afrikanistiek het Woensdagaand, 24 Maart, 'n geslaagde skyfievertoning oor verskeie aspekte van Malawie, na 'n onlangse besoek, in teenwoordigheid van sowat dertig belangstellendes gehou.

Dit was die eerste byeenkoms wat deur die Instituut gedurende hierdie jaar gehou is, en ook een van die weiniges wat vir die publiek oopgestel is. Verdere byeenkomste sal alleen deur uitgenooide gaste bygewoon kan word.

Die skyfies het gehandel oor: Die Land en sy mense, verbindingsweë en vervoer, die mense en hulle bedrywighede, feesvierings, ekonomiese lewe, vee-teel, handel en nywerheid en navoring.

Die films en skyfies is deur die toerlede geneem en van die kommentaar voorsien. Kaarte en roetes is ook aangetoon tydens die byeenkoms.

Die besoek, wat verlede Julie-maand plaasgevind het, is deur veral Anglo-American, General Buildings, Simonds en Roberts Construction geborg.

VYF VIR W.-TVL

Verskeie Pukke het daarin geslaag om Wes-Transvaalkleure te verwerf tydens die Wes-Transvaalse Stoeiproewe wat op 26 Maart in die P.O.K.-saal gehou is. Hulle is: J. Lemmer, K. Ferreira A. van der Walt, B. van Zyl en D. Greeff (Springbok).

Die Wes-Transvaalse span neem op 8 Mei aan die S.A. proewe in Bloemfontein deel, waarna twee spanne gekies sal word om tydens die Republiekfees in Kaapstad teen internasionale spanne te stoel.



Elke Sigaret
n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

TOERSPAN BEHAAL GROOT TELLINGS

op eie werf

Op 20 April het die finale Wes-Transvaalse rugbyproewe op Piet Bosman-park plaasgevind en drie Pukke, Piet Brand, Bernard Bernardo en Gerrit Botha, het die finale proefspanne gehaal.

Pukrugby lyk of dit vanjaar groot hoogtes kan bereik as 'n mens na die uitslae van die twee wedstryde wat in die vakansie gespeel is, kyk. Die eerstespan se wedstryd teen Vryburg sal onthou word as die wedstryd toe dit met die telling 15-0 in die Puk se guns „ligte uit” was. Ai, die Vryburgers bly darem maar gawe mense.

Die koshuisliga, wat eerskomende Saterdag 'n aanvang neem, behoort vanjaar weer uithaler rugby op te lewer.

Sommer met die intrapslag behort ons 'n aanduiding te kry van watter spanne vanjaar hulle stemme in die liga gaan dikmaak.

Die gimnastiekspan het ook al teruggekeer van 'n toer na die buiteland (Suidwes) en te oordeel aan al die staaltjies wat 'n mens nou hoor, was dit somer 'n groot toer.

Hartlik geluk aan die korbaldames wat onoorwonne uit die Verre-Noord-Transvaal teruggekeer het.

Met die manshokkie op die Puk gaan dit vanjaar voor die wind wat getalle en uitslae betref. Vanjaar kan die mans weer met twee spanne op die veld draf en vier spelers het reeds provinsiale ervaring. Hulle is B. Deane, E. Walker, H. Kingston en G. van Zyl.

Daar is tot dusver reeds drie wedstryde gespeel. Die manne het 'n baie aangename gees en ons kan gerus hierdie minderbekende sportsoort beter ondersteun. Uitslae van wedstryde verskyn elders.

Mans- en Dameshaarkapper

- ★ Alles vir die roker
- ★ Alle Toiletbenodigdhede

Eienaar:

. Schoonhoven

Besigheid: Tomstraat 86b.
Woning: Holtzhausenstr. 20.
Baillie Park.
TEL. 5136
Na-ure 6056

Die Pukke se rugbytoerspan het Woensdagoggend van 'n kort toer deur die Oos-Vrystaat teruggekeer. Beide wedstryde is met krieteltellings gewen en die teenstand was geensins straf nie. Verlede Saterdag het hulle Ficksburg met 53-0 geklop en Dinsdag het hulle die Vrystaatse Riemlanders met 82-6 kafdraf.

In twee wedstryde het hulle 137 punte teen 6 (twee strafdoele) behaal. Op Reitz het die Pukke die beker vir die

span wat die beste rugby gespeel het, die fikste was, die netjeste op die veld gegaan het en die beste spangees aan die dag gelê het, verower. Schalk van der Merwe was die uitblinker in die span.

Hy het ook skitterend geskop en die meeste punte aangeteken. Ander uitblinkers was Johan Steyn (vleuel), Eugene van Wyk (senter), Charles Venter (skrumskakel), Jim van Rensburg (flank) en Andries Coetzer en Piet Brand (slotte).

PUKKE WAT PRESTEER

Tobiana Louw

Mej. Tobiana Louw, Springboknetbalspeelster, is van die begin van die jaar as lektrise by die Departement Liggaamlike Opvoeding aan die P.U. vir C.H.O. aangestel. Sy is tans met haar meestersgraad in L.O. besig.

Juf. Louw het reeds as skooldogter op Malmesburg met netbal kennis gemaak en dadelik 'n liefde daarvoor ontwikkel. Na haar skoolopleiding is sy na die Universiteit van Stellenbosch, waar sy die B.A. graad met L.O. as hoofvak behaal het.

Na haar universiteitsopleiding, het sy onderwys aan die Hoërskool De Kuilen te Kuilsrivier gegee. Hierna is sy as lektrise aan die Onderwyskollege van die Paal aangestel.



Tobiana Louw.
Foto: Fotokuns.

Dit was tydens haar universiteitsjare dat sy vir die eerste maal met interprovinsiale netbal kennisgemaak het. In 1962 word sy gekies om Boland „A” op die Interprovinsiale Toernooi te verteenwoordig. Die prestasie het sy in die daaropvolgende jare herhaal.

Juf. Louw se harde werk en deurstellingsvermoë is in 1966 deur haar insluiting in die Springbokspan as doelverdediger beloon. Hierdie span is in 1967 na Perth, Australië waar hulle S.A. op die Wêreldtoernooi verteenwoordig het. Nege lande het deelgeneem: Australië, Engeland, Suid-Afrika, Trinidad, Singapoer, Tobago, Jamaika, Skotland en Nieu-Seeland, wat die kompetisie gewen het.

In 1969 is sy weer in die Springbokspan wat 'n toer na Australië onderneem het ingesluit. Tydens hierdie toer het die span uitstekend gevaar en op een na al 34 wedstryde gewen. Die volgende Wêreldtoernooi vind in 1973 in Nieu-Seeland plaas, maar of S.A. genooi sal word, is nog in die weegskaal. S.A. is nie na die Wêreldtoernooi, want onlangs in Jamaika gehou is, genooi nie.

Juf. Louw se waarde lê nie net daarin dat sy 'n uitmuntende netbalspeelster is nie, maar ook in die administratiewe kant van netbal. Sy is tans besig om die Netbalklub te help met die opstel van 'n konstitusie en tree ook as koshuisafrigter en organiseerder op.

Die insluiting van juf. Louw in die eerste span het alreeds resultate gelewer in ag genome dat die eerste span onlangs slegs met een punt teen verlede jaar se S.A.U. wenners, Tukkie, verloor het. P.U. netbal het in so 'n mate verbeter dat hulle hoop om vanjaar die Wes-Transvaalliga te verower, en slyp veral hulle tande vir die wedstryd teen U.O.V.S. later vanjaar.



Die Dameskorfbalspan in aksie teen P.O.K. V.l.n.r. verskyn Ann Grobler, Marie Erasmus, Lorraine Bossert, Elza de Wet, Rina Oberholzer, Burgerine Riekert en Mariette Kruger. Foto: Fotokuns.

P.U.-KORFBAL: GESLAAGDE TOER

Die P.U.-Dameskorfbalklub het gedurende die Aprilvakansie 'n toer na die Verre-Noord-Transvaal onderneem en met die terugkeer twee wedstryde in die Vaaldriehoek gespeel.

Twaalf dames: Hester Smit, Maggie Erasmus, Mona Liebenberg, Margaretha Coetzee, Ann Grobler, Cecilia de Bruyn, Annie Bennink, Elza de Wet, Burgerine Riekert, Marie Erasmus, Hannelie Coetzer en Hellecine van Zyl het die toer met Nic de Wet as Bestuurder meegemaak. Tien wedstryde in ses dae is gespeel waarin die Pukke 486 punte teenoor 224 teen hulle aangekomen het. Al tien die wedstryde is deur die Pukke gewen.

Die Pukke het teen die volgende spanne gespeel met punttellings tussen hakies:

Adelaars, Pretoria — 2 wedstryde: (41-14; 58-13).
Nylstroom: (49-24).
Potgietersrus — 2 wedstryde: (56-26; 53-12).
Pietersburg: (37-20).
Louis Trichardt: (51-38).
Messina: (7-28).
Vereeniging: (29-16).
Vanderbijlpark: (41-33).

Die speelsters het dit baie geniet.

Fanie Verloor

Springbokatleet Fanie van Zyl is toe onlangs in 'n wedloop geklop toe mej. Corrie Louw hom voor die kansel laat beland het. Die huwelik is net voor die vakansie op Krugersdorp voltrek.

Fanie neem as gevolg van verskeie terugslae op die oomblik nie aan mededingende atletiek deel nie, maar is reeds besig om hom vir die komende seisoen voor te berei.

In die jongste tyd is twee van sy rekords verbeter.

KOSHUISSPAN TOER

Hombre het gedurende die Aprilvakansie 'n redelik suksesvolle rugbytoer gehad. Hulle verloor teen Volksrust met 6-5 in 'n modderwedstryd. Op Pietermaritzburg klop hulle Voortrekker oud-skoliere 45-0. In hulle derde wedstryd wen hulle 34-0.

Die wedstryd was teen 'n gekombineerde span van die Natalse Universiteit. Die beste vertoning was teen Ladysmith Wanderers op Ladysmith. Die span, wat verskeie Natalspelers ingesluit het, het die wedstryd met 14-13 gewen. Die toer is op Ladysmith afgesluit.

STIGTING UITGESTEL

Die stigting van 'n Vereniging van Rugby-afrigters in Wes-Transvaal tydens 'n vergadering op die Puk na afloop van die kursus, is as gevolg van swak bywoning deur senior rugbyspelers van die Puk, die Onderwyskollege asook Dorp en omgewing uitgestel.

Almal op die vergadering was dit eens dat die behoefte aan so 'n vereniging wel bestaan, terwyl die afstande in Wes-Transvaal 'n baie belangrike faktor vir die hou van 'n vergadering of byeenkoms deur so 'n vereniging is. 'n Omsendbrief sal nou aan alle klubs gestuur word waarin die voorneme vir die bespreking van so 'n vereniging op die volgende vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Wes-Transvaalse Rugby-unie bekend gemaak sal word.

Die Wapad word uitgegee vir die eienaars, Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur Interad (Edms.) Bpk., Olënlaan, Posbus 515, Tel. 7184, Potchefstroom en word gedruk deur Carletonville Pers (Edms.) Bpk., Amethyststraat, Carletonville. Tel. 6184, Posbus 406, Carletonville.

VOLLEDIGE UITSLAE

Rugby:			
P.U. I	22	Vanderbijlpark	9
P.U. I	53	Ficksburg	0
P.U. I	82	Riemlanders	6
P.U. I	15	Vryburg	0 (ligte uit)
P.U. II	59	Vryburg	6
P.U. o/20	60	Vryburg	6
P.U. o/20	28	Vanderbijlpark	3
Manshokkie:			
P.U. I	1	Klerksdorp	0
P.U. I	4	P.O.K.	0
P.U. I	3	Strathvaal	0
Muurbal:			
P.U.	4	Weermag	1
Dameshokkie:			
P.U. I	0	Strathvaal	2
P.U. II	5	Goldfields II	0
P.U. I	7	Western Reefs	0
P.U. II	6	Western Reefs	0
Korfbal:			
P.U. I	45	P.O.K.	44



„Die Bult” en Kerkstraat 88 b, Potchefstroom.

A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)

★
Octron-gebou
Lombardstraat

★
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074